education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## MEMORANDUM

## MODEL 2008

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie memorandum bestaan uit 53 bladsye.**

## AFDELING A:
## TOEPASSING VAN PERSOONLIKE HULPMIDDELS EN BESIN EN EVALUEER

| |
|---|
| Hierdie afdeling is verpligtend en assesseer LU 1 en LU 4. Totale punte: 60<br>Vraag 1 (15 punte) toets LU1:AS 2.<br>Vraag 2 (30 punte) toets LU1:AS 1 en LU 4: AS 2 & AS 3.<br>Vraag 3 (15 punte) toets LU 4: AS1 en AS 4 |

**VRAAG 1**

1.1 Die kandidaat moet een stemoefening beskryf en hoe dit verband hou met die aanbieding van die uittreksel van die gedig. Die volgende is 'n voorbeeld, aangesien daar baie stemoefeninge is waaraan kandidate blootgestel sou word, byvoorbeeld:

- maak 'n geluid, draf in die kamer en laat die klank uit jou 'uitval' as 'n reeks swaar klanke (huh, huh, huh).
- buig jou knieë en maak jou bolyf lank en regop, sug/asem uit wanneer jy dit doen, asem in soos jy jou knieë reguit maak. Dit help om die stem te sentreer in die liggaam, wat dit makliker maak om die oorspronklike en egte emosies in die gedig te ervaar en weer te gee. Dit verseker ook spierkrag wat nodig is in stemproduksie. (5)

1.2 Die stemtoon sal een van **sensitiwiteit, liefdevolheid** en **intimiteit** wees, dit is 'n **direkte aanspreekvorm** en dis belangrik dat die spreker kommunikeer dat hy/sy 'n direkte liefdesverklaring aan die geliefde maak. Die digter gee die gevoel van 'n persoon wat sy liefde verklaar en wil beskerm. Die gedig handel oor 'n liefde wat nie **deur ander geskaad** of weggeneem kan word nie. Die energievlak van die spreker moet **onderhoudend** wees en die gehoor kan vasgevang word deur die manier waarop hy/sy die gevoel van **teerheid**, maar ook **vasbeslotenheid** oordra. (4)

1.3 **'Kyk, my duif kom op en my duif gaan onder'**
Die word 'kyk' sou **harder uitgespreek** kon word aangesien dit as 'n **direkte opdrag** of selfs uitroep gesien kon word. In die frase, 'my duif kom op' word 'n prentjie vir die gehoor geteken wat verskil van 'my duif gaan onder'. Om variasie en verskil in betekenis te verseker, sou die vertolker die eerste gedeelte met 'n **opwaartse infleksie** kon sê met gepaardgaande **ligter toon**. Die gedeelte 'my duif gaan onder' sou weer met 'n **laer stemtoon** gesê kon word. Daar kan ook **wisseling in volume** wees tussen die twee frases om die prentjie van die **wisselende beweging** van die duif vas te lê. Die kandidaat mag verskil van hierdie beskrywing, maar die antwoord moet ondersteun word deur na die teks te verwys. (6)

| Moeilikheidsgraad | Persentasie | Punte | Vrae |
|---|---|---|---|
| Hoër orde | 30 | 4 | 1.2 (4 punte) |
| Middel orde | 40 | 6 | 1.3 (6 punte) |
| Laer orde | 30 | 5 | 1.1 (5 punte) |

**[15]**

**VRAAG 2**

2.1 ‘n Akteur word benodig om by ‘n teatergeselskap aan te sluit. Die akteur kan manlik of vroulik wees en behoort sterk fisiese beheer oor sy liggaaam te hê. Die akteur moet ‘n danser wees en moet saam met ‘n groep kan werk op ‘n intellektuele en kreatiewe vlak. Hy/sy moet gemaklik wees met baie nabye fisiese kontak. Die akteur moet die fisiese krag en buigsaamheid van ‘n gimnas hê.Die styfpassende kostuum vereis dat die akteur ‘n geoefende en fikse ligaam moet hê. (6)

2.2 Hierdie vraag laat die kandidaat toe om sy/haar eie kennis weer te gee oor die uitdagings van so ‘n loopbaan. (4)

| Vraag 2.2 Punte | | Beskrywer |
|---|---|---|
| 4 | Baie goed | Kandidaat kan die vraag op ‘n duidelike en direkte manier beantwoord. Redes gegee verwys na die kandidaat se eie vaardighede en die vereistes van die spesifieke beroep. |
| 2-3 | Gemiddeld | Kandidaat bespreek óf eie vaardighede óf die vereistes van die beroep, maar bespreek nie beide nie. Antwoord vir 2 punte is baie eenvoudig/simplisties. |
| 0-1 | Swak | Kandidaat maak veralgemeende stelling met vae verwysing na die vraag. |

2.3 Die kandidaat moet die bewegingsaspek van sy/haar opvoering van ‘n individuele stuk (prosa, gedig of monoloog) kan verduidelik. Daar word verwag dat die kandidaat sy/haar bespreking moet verbind met die eerste twee reëls van die bron. (8)

| Vraag 2.3 Punte | | Beskrywer |
|---|---|---|
| 6-8 | Baie goed | Kandidaat verbind die stemvertolking met fisiese vertolking en kan duidelik en direk antwoord. Redes gegee mag met die uittreksel verbind, maar brei verder uit na die kandidaat se eie kennis en ervaring. |
| 3-5 | Gemiddeld | Kandidaat verbind die stemvertolking met die fisiese vertolking, maar neig om slegs op die uittreksel staat te maak. Antwoord vir 3 punte is baie simplisties/eenvoudig; slegs ‘n aanhaling van dele uit die uittreksel en noem hoe hy/sy dit met die individuele items gedoen het. |

| | | |
|---|---|---|
| 0-2 | Swak | Kandidaat maak veralgemeende stelling met vae verwysing na die vraag. Verduidelik dat hy/sy fisiese bewegings met die stemvertolking gedoen het, maar maak geen verbindings nie. |

2.4 Die meeste kandidate sal moontlik die bewegingsaanbieding gebruik wat in die tema- of oudisieprogram gedoen is. Kandidate moet die geldigheid van die bron bespreek; die bewegingstuk moet die kandidaat se argument ondersteun en motiveer. (6)

| **Vraag 2.4 Punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 5-6 | Baie goed | Kandidaat analiseer die bron in detail en gebruik eie ervaring van beweging om dit te bespreek. Redes gegee mag met die uittreksel verbind, maar brei verder uit na die kandidaat se eie kennis en ervaring. |
| 3-4 | Gemiddeld | Kandidaat spreek sekere idees aan uit die bron en verbind dit met eie beweging, maar sukkel om die bron in detail te bespreek en bespreek nie werklik die geldigheid daarvan nie. |
| 0-2 | Swak | Kandidaat maak veralgemeende stellings met vae verwysing na die vraag. Stem saam of verskil met die bron, maar kan nie sê hoekom nie, maak net 'n paar aanmerkings. |

2.5 Hierdie vraag het 'n oop-einde en laat die kandidaat toe om te kies watter fisiese ontwikkeling en beheer gedurende die afgelope drie jaar van studie plaasgevind het. Noukeurige self-refleksie wat ondersteun word deur ervaring van die proses word in hierdie antwoord verwag. (6)

| **Vraag 2.5 Punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 5-6 | Baie goed | Kandidaat bespreek die ontwikkeling van eie vermoë in detail met spesifieke voorbeelde. Antwoord toon aan dat kandidaat kan reflekteer oor sy eie proses. |
| 3-4 | Gemiddeld | Kandidaat kry dit reg om die ontwikkeling van eie vermoë te verduidelik, maar gee nie duidelik voorbeelde nie. Antwoord toon aan dat kandidaat tot 'n mate kan reflekteer oor sy eie proses |
| 0-2 | Swak | Kandidaat maak veralgemeende stelling met vae verwysing na die vraag. Neig daarna om net die bewegingstuk te verduidelik, eerder om die vraag te bespreek. |

**[30]**

| **Moeilikheidsgraad** | **Persentasie** | **Punte** | **Vrae** |
|---|---|---|---|
| Hoër orde | 30 | 8 | 2.1 (2 punte), 2.4 (6 punte) |
| Middel orde | 40 | 12 | 2.1 (4 punte), 2.3 (8 punte) |
| Laer orde | 30 | 10 | 2.2 (4 punte), 2.5 (6 punte) |

**VRAAG 3**

| |
|---|
| **KIES EEN VAN DIE VOLGENDE DRIE VRAE:**<br>**OF 3.1: LEWENDIGE AANBIEDINGS**<br>**OF 3.2 MEDIASTUDIE**<br>**OF 3.3 INHEEMSE KENNISSISTEME EN RITUEEL** |

3.1

3.1.1 Enige vyf sinvolle stellings waarin raad gegee word, moet aanvaar word. Die volgende is voorbeelde:

- Neem ‘n register na die repetsies en rapporteer aan jou onderwyser indien ‘n lid van die groep/rolverdeling meer as een repetisie mis sonder ‘n geldige rede. Dit is belangrik dat almal die repetisies bywoon sodat die groep as ‘n geheel kan ontwikkel.
- Maak seker dat julle ‘n kans kry om in die opvoerruimte kan oefen. Die akteurs moet gewoond raak aan die vereistes en uitdagings van die opvoerruimte.
- Ken tyd toe in die repetisieproses vir bespreking en om idees te deel.
- Repeteer met rekwisiete, blokke en rostra sodat die rolverdeling/groep maklik daarmee oor die weg kan kom en nie foute maak gedurende die finale opvoering nie.
- Deel die materiaal/dramateks in hanteerbare gedeeltes en fokus op een gedeelte by elke repetisie totdat die dele gereed is om saamgestel te word. (5)

3.1.2 Die kandidaat moet kennis toepas van die akteur-gehoor verhouding op twee van die drie dramas wat in Graad 12 bestudeer is. (10)

| **Vraag 3.1.2 Punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 8-10 | Uitstekend | Kandidaat het duidelike begrip van akteur-gehoor verhouding en kan dit toepas op twee dramas. Hy/sy kontrasteer die verhouding in die twee dramas en sy/haar kennis brei uit verby die dramas wat bestudeer is. |
| 6-7 | Baie goed | Kandidaat verstaan die akteur-gehoor verhouding en kan dit op die twee dramas toepas. Hy/sy verduidelik die akteur/gehoor verhouding in elke drama, maar kontrasteer nie die twee nie. |
| 4-5 | Gemiddeld | Kandidaat kry dit reg om die idees van akteur-gehoor verhouding aan te spreek. Verbind op ‘n basiese vlak met beide dramas of met een in detail. Die antwoord wys aangeleerde (papegaai) kennis, maar ‘n onvermoë om werklik kennis toe te pas. |
| 0-3 | Swak | Kandidaat maak veralgemeende stelling met vae verwysing na die akteur-gehoor verhouding. Maak ‘n paar aanmerkings oor die dramas, maar verbind net toevallig met die onderwerp. |

| Moeilikheidsgraad | Persentasie | Punte | Vrae |
|---|---|---|---|
| Hoër orde | 30 | 5 | 3.1.2 (5 punte) |
| Middel orde | 40 | 7 | 3.1.1 (5 punte), 3.1.2 (2 punte) |
| Laer orde | 30 | 3 | 3.1.2 (3 punte) |

**[15]**

3.2

3.2.1 Die kandidaat moet een van die media opsies kies om kommunikasie te fasiliteer in sy/haar skool. Die mees waarskynlike en goedkoopste opsie sou 'n skool radiostasie wees, maar punte moet toegeken word volgens die kandidaat se motivering wat sy/haar keuse ondersteun. (10)

| **Vraag 3.2.1 Punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 8-10 | Uitstekend | Kandidaat verstaan dat die mediavorm in 'n skool moet suksesvol kan werk en die primêre funksie vervul om kommunikasie te bevorder tussen leerders, en indien moontlik die onderwysers. Hy/sy neem die koste-effektiwiteit, toepaslikheid en gerief van die mediavorm in ag. Hy/sy beskryf 'n duidelike visie van die eindproduk. |
| 6-7 | Baie goed | Kandidaat verstaan die mediavorm en maak 'n goeie voorstel, maar dink nie altyd aan die praktiese implementering van die mediavorm nie. |
| 4-5 | Gemiddeld | Kandidaat kies 'n mediavorm, omdat hy/sy daarvan hou en dink dat dit pret sou kon wees. Noem 'n paar geldige punte, maar is geneig om oppervlakkig te wees. Hy/sy dink nie aan die praktiese implementering van die mediavorm nie. |
| 0-3 | Swak | Kandidaat maak veralgemeende stelling oor die gekose mediavorm. Maar 'n paar aanmerkings, maar kan nie sy/haar keuse motiveer nie. Baie kort antwoord, kort diepte. |

3.2.2 Die kandidaat moet verduidelik in watter gevalle die volgende in film toepaslik is:

- Nabyskoot (Close up): Die akteur se gesig in volle aansig word gewys met subtiele veranderinge in gesigsuitdrukking om persoonlike en intieme emosie te wys.
- Medium skoot: Algemene skoot wat gebruik word om te wys wat met hul dagtaak besig is. Baie van die handeling word geskiet met hierdie tipe filmskoot.
- Afstandskoot (Long shot): Hierdie skote word dikwels gebruik vir aksietonele of vir tonele wat konteks verskaf. Dit stel die gehoor in staat om die akteur se

hele liggaam te sien, asook die ander mense rondom die akteur sowel as die omgewing.
(5)

| **Moeilikheidsgraad** | **Persentasie** | **Punte** | **Vrae** |
|---|---|---|---|
| Hoër orde | 30 | 5 | 3.2.1 (5 punte) |
| Middel orde | 40 | 7 | 3.2.2 (5 punte), 3.2.1 (2 punte) |
| Laer orde | 30 | 3 | 3.2.1 (3 punte) |

**[15]**

3.3.1

Die volgende word bevorder wanneer leerders eerstehandse ervaring opdoen in ‘n lewendige kulturele opvoering, veral as die opvoering in hul eie taal is.

- Vaslegging van kennis en waardering van inhoud
- Dramatiese Kunste vaardighede soos: toneelspel-, stem-, fisiese vaardighede, ens. Sal makliker wees om te verstaan deur die leerders en oordrag van hierdie vaardighede sal meer suksesvol wees.
- Selfbeeld word verbeter
- Trots in die kultuur en waardering van die kultuur sal ontwikkel word.

(4)

3.3.2

‘n Meisie se voete simboliseer die fisiese en emosionele reis wat onderneem word deur haar lewe. Deur te kyk na die bewegings van die voete, kan die volgende waargeneem word:

- Die lengte en tipe reis wat onderneem is in haar lewe
- Die tipe reis wat op die oomblik onderneem word
- Die oorgang wat die meisie pas voltooi het of wat sy nog gaan maak. (2)

3.3.3

Wanneer leerders aan beide ‘n seremonie en ‘n ritueel deelneem, verkry hulle eerstehandse kennis van die volgende verskille in die seremoniële en rituele elemente:

- Gehoordeelname en -reaksie
- Proses
- Doelstelling
- Tema (4)

3.3.4

- Plot/intrige
- Karakter
- Gedagteprosesse
- Diksie/artikulasie
- Musiek
- Skouspel (4)

3.3.5

- Die kennis van die dramatiese item, pryssang word versterk.
- Die pryssanger (akteur) –gehoor verhouding word eerstehands ervaar.
- Deur pryssang of prysgedigte op te voer in plaas van om net daarna te kyk, verhoog selfvertroue in toneelspel en opvoervaardighede.
- Deur pryssang of prysgedigte op te voer, word 'n verhoogde waardering van die kultuur geskep wat deur die pryssang/prysgedigte verteenwoordig word. (1)

**[15]**

**[60]**

| **Moeilikheidsgraad** | **Persentasie** | **Punte** | **Vrae** |
|---|---|---|---|
| Hoër orde | 30 | 5 | 3.3.3 (4 punte), 3.3.5 (1 punt) |
| Middel orde | 40 | 6 | 3.3.1 (4 punte), 3.3.2 (2 punte) |
| Laer orde | 30 | 4 | 3.2.4 (3 punte) |

## AFDELING B: BEGRYP EN ANALISEER

**BEANTWOORD EEN VRAAG:**
**<u>OF</u> EPIESE TEATER, VRAAG 4 <u>OF</u> ABSURDE TEATER, VRAAG 5**

### VRAAG 4: EPIESE TEATER

(HIERDIE VRAAG VERWYS NA <u>OF</u> ***DIE KAUKASIESE KRYTSIRKEL*** <u>OF</u> ***MOEDER COURAGE*** <u>OF</u>***KANNA HY Kô HYSTOE***)

4.1 Anders as die realiste, het Brecht geglo dat die teater nie hededaagse kwessies en onderwerpe op ‘n lewensgetroue manier moet uitbeeld nie. Die teater moet eerder handeling op ‘n ‘vreemde’ manier voorstel. Brecht het die psigologiese en emosionele verduidelikings van die mens se optrede en gedrag verwerp en het sy eie onafhanklike idees ontwikkel. Brecht se teater het Marxistiese filosofieë gevolg en sy dramas was didakties van aard.

Hy het sy teatervorm as ‘epies’ beskryf om dit te onderskei van die dramatiese (realistiese) teater wat hy teengestaan het. Hy het gevoel dat dramatiese (realistiese) teater het die rol van die toeskouer/gehoorlid verminder tot ‘n rol van totale passiwitiet. In hierdie dramas word gebeure as onveranderd en volgens ‘n vaste idée aangebied, wat bydra tot die idée dat die samelewing nie verander kan word nie. Die toeskouer/gehoorlid kan net waarneem asof gehipnotiseerd en op ‘n nie-kritiese wyse.

In stede van die ou styl van teater, het Brecht ‘n nuwe tipe teater in die vooruitsig gestel – ‘n teatervorm waarin die toeskouer/gehoorlid ‘n belangrike rol speel. Hy het drie kernidees gebruik om hierdie verandering teweeg te bring:

**Historifikasie** – gebruik van materiaal geneem uit ander tye en plekke. Brecht was van mening dat die dramaturg die ‘verbygang /verlede’ van gebeure moet beklemtoon. Hy wou by die gehoorlid die gevoel skep dat indien hy/sy in dieselfde omstandighede, soos voorgestel in die drama, geleef het, hy op ‘n ander manier sou kon optree. Hy sou positiewe en daadwerklike aksie geneem het. Die gehoor behoort dus daaruit te leer dat as dinge kon verander in die verlede, dit moontlik is om veranderinge in die hede te maak.

Historifikasie is deel van ‘n meer omvattende begrip, naamlik **Vervreemding** of die **Verfremdungseffekt**. Die dramaturg vestig die gehoor se aandag daarop dat die aard van die drama net fiksie is en nie die werklikheid nie. Hy probeer hulle dus nie van die realiteit van die drama oorreed nie. Liedere, gedeeltes wat uit vertelling bestaan, filmsekwense en ander teatermiddele word gebruik vir hierdie doel. Die

gehoor mag nooit toegelaat word om dit wat hulle op die verhoog sien, met die werklikheid te verwar nie. Die drama moet eerder gesien word as kommentaar op die werklikheid, die gebeure op die verhoog moet krities beskou en beoordeel word. Deur Vervreemding wil die dramaturg dus alle handeling op ‘n vars en onbekende manier wys, sodat die gehoor krities kan kyk na dit wat hulle voorheen as vanselfsprekend beskou het. Vervreemding beteken nie dat die gehoor nie emosioneel betrokke moet raak by die karakters en die handeling nie; hierdie emosionele reaksie moet altyd deel vorm van die groter, kritiese reaksie.

Elke element van die produksie is ontwerp om by te dra tot die ‘vervreemding’ van die gehoor. Musiek, byvoorbeeld moet kommentaar lewer op die handeling en nie net om die teks te ondersteun nie. Die kontras tussen die woorde en die musiek veroorsaak vervreemding en forseer die gehoorlid om te dink oor die lied se betekenis en belang in die drama. Die inkleding (stel en rekwisiete) moet nie die illusie van ‘n plek skep nie. Dit mag ‘n ruimte voorstel, maar behoort dit nie in detail uit te beeld nie. Brecht het gebruik gemaak van projeksies, gefragmenteerde verhoogstukke en soortgelyke teatermiddele om ruimte en handeling voor te stel. In elke geval moet die elemente ook op die handeling kommentaar lewer.

Brecht adviseer die akteur om te dink aan sy rol in die derde persoon. Op hierdie manier, word daar verhoed dat die akteur die ‘karakter word’ –die akteur lewer kommentaar oor die rol terwyl hy dit aan die gehoor aanbied. ‘n Verdere hulpmiddel tot vervreemding was dat die verhoogmasjienerie en meganismes te alle tye sigbaar moet wees. Beligtingsinstrumente is dus sigbaar, toneelwisselinge word gedoen voor die gehoor en die gehoor en musikante sit op die verhoog.

Deur bogenoemde te doen, word daar verhoed dat die gehoor ‘n valse sin van sekuriteit ervaar en hulle word gelei om beide die emosie en die oordeel te gebruik op so ‘n manier dat hul optrede en verantwoordelikheidsin teenoor die gemeenskap aangewakker is. Brecht se doel was dus om die gehoor ‘n kritiese toeskouer te maak wat besluite maak – ‘n gehoor wat fokus op die proses en nie die uitkoms van die drama nie. (20)

| **Vraag 4.1 Punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 17-20 | Uitstekend | Kandidaat beantwoord die vraag deur te verwys na die riglyne, verskaf ook meer inligting as vereis deur die riglyne. Die kandidaat het nie die riglyne nodig om die vraag te beantwoord nie. Die essay vorm ‘n samehangende geheel. Die argumente is gedetailleerd volgens die kandidaat se |

| | | |
|---|---|---|
| | | interpretasie van die onderwerp. |

| | | |
|---|---|---|
| 13-15 | Goed | Die kandidaat beantwoord die vraag deur gedetailleerde verwysing na die riglyne. Die essay vorm ‘n eenheid en bevat beduidende argumente. Aansluiting met die onderwerp is duidelik. |
| 9-12 | Gemiddeld | Die kandidaat kan die vraag beantwoord, maar maak gebruik van die stellings in die riglyne as ‘n begin vir elke sin, voordat dit met Brecht verbind word. Die essay is deeglik, maar kort samehang. Aansluiting met die onderwerp word genoem, maar nie altyd bewys nie. |
| 5-8 | Voldoende | Die kandidaat se antwoord is oppervlakkig, die riglyne word oorgeskryf en kommentaar op elkeen gemaak. Nie ‘n essay nie, maar ‘n reeks stellings. Aansluiting by die onderwerp is toevallig. |
| 0-4 | Swak | Die kandidaat antwoord deur die riglyne oor te skryf, maak ‘n poging om kommentaar te lewer. Nie ‘n essay nie, maar ‘n reeks stellings. Geen aansluiting by die onderwerp nie. |

(20)

4.2 1 – H
2 – F
3 – G
4 – A
5 – J
6 – I
7 – D
8 – E
9 – B
10 – C

(10) **[30]**

| **Moeilikheidsgraad** | **Persentasie** | **Punte** | **Vrae** |
|---|---|---|---|
| Hoër orde | 30 | 9 | 4.1 (9 punte) |
| Middel orde | 40 | 11 | 4.1 (11 punte) |
| Laer orde | 30 | 10 | 4.2 (10 punte) |

## VRAAG 5: ABSURDE TEATER

HIERDIE VRAAG VERWYS NA OF ***AFSPRAAK MET GODOT*** OF ***DIE KAALKOP PRIMADONNA*** OF ***BAGASIE***

**Kandidate moet na die vereiste teatermiddele van die Absurde Teater verwys asook na die drama wat hulle bestudeer het.**

5.1 Aburdisme was ‘n reaksie op die tye. Na die einde van 1945 en die Tweede Wêreldoorlog, het die lewe alle betekenis verloor en ‘n algemene gevoel van hopeloosheid en sinloosheid is deur baie mense ervaar. Mense het getwyfel aan hul geloof; godsdiens het nie meer sin gemaak nie, die mens het gevoel hy is alleen in ‘n wêreld sonder God. Die mens het begin twyfel aan dit waarin hy voorheen onwrikbaar geglo het. Dit waarin hy/sy geglo het, het geen basis meer gehad nie, behalwe dat dit iets was waarin mense geglo het. Die gruweldade van die Tweede Wêreldoorlog soos die uitwissing van ses miljoen Jode, die atoombom en gevolglike verwoesting, het die mens laat twyfel aan sy geloof en waardes.

Aansluitend hierby, was die absurde dramaturge beïnvloed deur die eksistensiële filosowe wat die mens se bestaan as onlogies, doelloos, arbitrêr en wreed gesien het. Absurde dramaturge weerspieël hierdie gevoel van leegheid, wanhoop en futliteit in hul dramas deur die karakters, die vorm en stuktuur van die dramas en hul temas, ruimte en inkleding.

Die Absurde teater het dus geen van die eienskappe van die ‘well made play’ nie. Wat **struktuur** betref, is daar geen krisis wat deur die intrige veroorsaak word nie, daar is gewoonlik nie ‘n tradisionele klimaks nie, daar is geen ontdekkings, wendings, geen goedgeronde/drie-dimensionele karakters nie. Die intrige/plot van Absurde dramas voldoen nie aan die tradisionele struktuur en vorm nie. Dramatiese (realistiese) drama voldoen aan die eenhede van tyd, handeling en plek; in Absurde Teater word die eenheid van tyd, handeling en plek ontwrig en verplaas om ‘n wêreld te weerspieël wat nie in harmonie is nie. Dit is nie logies of lineêr nie, maar siklies en herhalend om te wys dat ‘n lewe sonder betekenis sonder ‘n fokus is en nie direk na ‘n doel kan ontwikkel nie. ‘n Sikliese struktuur kommunikeer die tekort aan ontwikkeling of resolusie/oplossing. Absurde drama is nie verbind tot die voorstelling van gebeure, die vertel van ‘n storie of die uitbeelding van ‘n karakter nie, maar wel tot die voorstelling van individue binne ‘n situasie. Die stuktuur gee aan die gehoor die ervaring van ‘n lewe wat binne ‘n sinlose heelal gelei word; baiemaal volgens ‘n sikliese patroon – soos in *Afspraak met Godot*.

**Karakters** verteenwoordig abstraksies van die menslike natuur en ingesteldheid; karakters verteenwoordig nie ‘n spesifieke persoon nie, maar die mensdom in die

algemeen. Die karakters van Absurde Teater verskyn gereeld in pare. Dit word gebaseer op die paar-/dubbel-vertonings van vaudeville of die ‘music hall’ komediante. Die karakters bestaan baie keer in ‘n meester/slaaf-verhouding. Deur hierdie dualitiet/tweeslagtigheid word ‘n funksionele mens in ‘n disfunksionele wêreld geskep. Hulle is beide op mekaar aangewese, afhanklik van mekaar, en kan dikwels nie ‘n bestaan sonder die ander oorweeg nie. Hulle is nie meer gode of helde nie. Teenoor die held vind ons die anti-held wie se karakter uit gebreke bestaan. Die karakters is vergroot, het nie ‘n spesifieke identiteit nie en word gereeld as vervelig en oninteressant beskou. Die gehoor word nie ingelig oor die karakters se geskiedens/verlede nie – hulle het geen verlede nie en ons kry geen aanduiding van wat hul toekoms mag inhou nie. Absurde dramturge skep dus nie ‘regte’, oortuigende karakters nie, want dit is irrelevant tot die gehoor se begrip van die drama. In Beckett se *Afspraak met Godot* is die karakters twee boemelaars, met kontrasterende persoonlikhede. Hul verbintenis met mekaar word op gewoonte gebaseer. Hulle is slagoffers van ‘n onaangename, gure omgewing en kom voor as gevange binne hul situasie.

**Taal** in tradisionele drama help taal die gehoor om die intrige te verstaan en gevolgtrekkings te maak oor die karakters. Dit is normaalweg ‘n instrument van kommunikasie. In absurde dramas, fokus die dramaturg op die onvermoë van taal om die gaping tussen karakters te oorbrug. Die innerlike leegheid van die karakters word weerspieël in hul betekenlose gebabbel en clichés. Taal is onpersoonlikend, outomaties en betekenisloos. Die karakters praat sonder om mekaar werklik te beïnvloed. Eenvoudige alledaagse gesprekke/toesprake van Absurde Teater word uitgeken volgens die volgende:

- onvoltooide sinne
- non sequiturs (‘n stelling of gevolgtrekking wat nie logies volg op wat vooraf gesê is nie)
- pouses
- meganiese herhalings
- clichés
- onlogiese monoloë
- foutiewe taalgebruik
- weerspreking
- *stiltes* is soos die gesproke woord ‘n belangrike vorm van kommunikasie

Betekenislose gesprekke en oppervlakkige kommentaar word gesien as ‘n ontvlugting van die verveling van die lewe; nuwe woorde word geskep om die mens se poging om te kommunkeer te wys; banale daaglikse gesprekke word gemeng met literêre taal; woordpeling, clichés, *slang* en herhaling word vermeng met poëtiese taal, ‘n skielike verandering in die linguistiese styl breek die atmosfeer van die oomblik, satire word gebruik om met die menslike kondisie te spot; komedie, tragedie en humor word vermeng, kontraste word gebruik om sekere kwessies te benadruk; geen sentimentaliteit oor die menslike kondisie word uitgespreek nie; stichomythia (‘n vinnige wisseling in dialoog) word in baie

Absurde tekste gebruik; 'n herhalende dialoogstyl word aangewend om die sikliese aard van die lewe te beklemtoon; nou en dan is daar kragtige toesprake wat fokus op die realiteit van die menslike kondisie.

*Bogenoemde is die algemene inhoud wat die basis vorm van die opstelvraag. Eksaminatore moet hul oordeel gebruik wanneer hulle nasien, omdat kandidate kan verwys na spesifieke voorbeelde uit die tekste wat hul bestudeer het.*

---

**Die volgende verwys na die voorgeskrewe Absurde dramatekste. Kandidate behoort te verwys na die drama wat hulle bestudeer het (OF *Kaalkop Prima Donna* OF *Afspraak met Godot* OF *Bagasie*). Gee krediet aan die kandidate se kreatiewe benadering en vermoë om kennis toe te pas.**

***Die Kaalkop Prima Donna* deur Eugene Ionesco**

**Taalgebruik:**
Bykans al die karakters in die drama neem deel aan betekenislose gebabbel om die tyd om te kry. Die meeste karakters, sommige minder as ander, doen die teenoorgestelde van wat hulle sê. Die drama gebruik nonsens en grappe en skep so die boodskap dat taal gestroop is van sy funksie om te kommunkeer.

Woorde word ontneem van hul krag op verskeie komiese maniere. Een manier is deur vervelige repetisie. Byvoorbeeld, die woorde "vreemd," "toeval," en 'buitengewoon", word in die eerste gesprek tussen die Martins so dikwels gebruik dat dit sinloos word. Woorde word verkeerd toegepas byvoorbeeld wanneer die Martins en die Smiths die mees gewone en onbelangrike handeling as iets buitengewoons beskou. Woorde kom voor in cliché uitdrukkings, dit word lukraak in dialoog geplaas wat geen sin maak nie omdat dit bloot 'n aaneenlopende stroom van non sequiturs is ('n stelling of gevolgtrekking wat nie logies volg op wat vooraf gesê is nie). Woorde, ontneem van betekenis, word blote objekte wat rondgegooi word soos beledigings in 'n komiese, maar onsinnige algemene gebabbel.

*Die Kaalkop Prima Donna* word as 'n 'tragedie van taal' beskou. Dit handel oor die geleidelike verlies van die kommunikatiewe funksie van taal en die finale ineenstorting tot leë frases en betekenislose clichés. In die begin is daar 'n mate van logika in die karakters se gesprek, maar dit word toenemend deur weersprekende en teenstrydige stellings onderbreek, bv wanneer Mnr Smith sê dat hy van Bobby Watson se dood in die koerant gelees het, dan dui hy weer aan dat dit drie jaar vroeër gebeur het en dan noem hy dat hy dit 'as gevolg van assosiasie van idees' onthou het."

In die drama kom 'n vorm van vrye assosiasie voor wat die karakters op wydlopende en nie-verbandhoudende gesprekke neem. Byvoorbeeld, Mev Smith se openingsmonoloog word gekenmerk deur 'n reeks eenvoudige sinne

wat geen samehang vorm nie.
Na die einde van die drama, versnel die veranderinge van gedagtes toenemend. Die dialoog word aan 'n reeks non sequiturs gekenmerk. Hieruit kan afgelei word dat rasionele gesprekke onmoontlik geword het, relevante gedagtes kan nie volgehou word in meer as een of twee sinne nie. Die Martins en die Smiths babbel voort in leë frases, clichés wat niks met mekaar te doen het nie. Hulle eindig deur te babbel in 'n vorm van dialoog wat uit lettergrepe en los woorde bestaan. Woorde ontaard tot blote voorwerpe, wat rondgegooi word soos roomkoeke in 'n klug.

**Karakters:**
Die karakters kan ook as anti-karakters beskryf word. Die Smiths en die Martins het geen spesifieke en konsekwente persoonlikhede nie. Hulle is ononderskeibaar. Hulle sou selfs maklik geruil kon word met mekaar. Hulle is dus in essensie karakterloos. Hul spraak is dikwels dieselfde. Hulle eggo mekaar se frases, soos in die dialoog tussen die Martins. Hulle het nie die vermoë om 'n betekenisvolle gesprek te begin en vol te hou nie. Hulle word gedefinieer deur clichés eie aan hul klas - waarvan hulle nie kan wegbeweeg nie. Hulle is anti-helde, omdat hulle geen bewustheid toon nie. Nie een van hulle dien as 'n protagonis of as hoofkarakter nie.

Daar is sprake van potensiële karakters, wat deurgegee word in die vae angstigheid wat hulle ervaar; iets wat buite hul vermoë van taal of uitdrukking bestaan, iets wat hulle nie kan kommunikeer nie, behalwe slegs in geïsoleerde oomblikke van indirekte woordspel. Dit is asof die karakters verplig word om iets sê, om die stilte wat hul weerloosheid sou ontbloot, te bedek. Wanneer die Martins en die Smiths vir die eerste keer sit om te gesels, moet hulle 'n verleë stilte oorkom, 'n ongemaklike oomblik waarbinne die besef dat hulle niks het om vir mekaar te sê nie, hul leegheid ten toon stel. Die stilte word verbreek met doellose geskerts, maar die stilte keer telkemale terug as 'n ontstellende teenwoordigheid. Dit wil voorkom of die stilte meer van 'n oorspronklike en outentieke daad van kommunikasie is as die verspotte stellings en kommentaar gemaak deur die Smiths en Martins.

Baie getroude pare ken mekaar nooit werklik nie soos in die geval van die Martins. Omdat daar geen oorspronklike gedagte of gevoel is waardeur die karakters van mekaar onderskei kan word nie, word karakterisering bereik deur middel van die **status** van die karakters. Die mans en vrouens tree op 'n baie stereotipiese, middelklas manier op. Die mans is neerbuigend; die vroue liggeraak en buierig. Die karakters word slegs onderskei deur die feit dat hulle geen onderskeidende eienskappe het nie.

Die pare reageer op 'n positiewe manier teenoor die **Brandweerhoof**, miskien is dit oor sy uniform, wat hy deurgaans aanhou. Dit is miskien omdat hulle sy rol maklik kan identifiseer - hulle voel meer gemaklik met hom. Albei pare beskou nie die huisbediende, Mary as 'n persoon nie, totdat die Brandweerhoof sy groot

passie vir haar ten toon stel. Dit ontstel die Smiths om Mary as enigiemand anders as die bediende te beskou; hulle stoot haar van die verhoog af. Dit is asof die middelklas Smiths en Martins selfs die aansien van verstandigheid verloor, want hulle kies om die menslikheid van mense anders as hulself te ontken. Die verhouding tussen die Brandweerhoof en Mary ontstel die Smiths en Martins omdat hulle klasbewus is en hulle vind dus die verhouding onvanpas. Wanneer **Mnr en Mev Martin** die eerste keer op die verhoog kom, begin hulle met hul verspotte uitruiling van woorde waaruit afgelei word dat hulle gertroud is. Die twee is spieëlbeelde van mekaar deur hul banale, buitensporige beleefde taalgebruik. Hulle is meganiese poppe of verwisselbare onderdele, nie buigsame mense nie.

**Mary:**
Mary, die Smiths se huisbediende, daag die klasbewuste Smiths en Martins uit. Sy stel ‘n bedreiging vir hulle voor, omdat sy eiesinning is en nie respek betoon nie, sy ken nie haar plek nie. Die pare is eiegeregtig wanneer Mary hulle versoek om ‘n storie te vertel. Hulle vind haar versoek voorbarig en onvanpas, en alhoewel Mary tog haar gedig kan voordra ter ere van die Brandweerhoof, word sy in die proses van die verhoog geforseer.

**Die Brandweerhoof:**
Hy is beleefd op ‘n oppervlakkige manier. Hy neem die rol van beoordelaar en biegvader aan; hy probeer om die vrede te herstel tussen Mnr en Mev Smith wat betrokke is in ‘n onsinnige argument oor of die deurklokkie se gelei wel aandui dat daar iemand by die deur is. Hy is ook ‘n verteller maar sy stories is totaal onsinning, sonder logiese vloei, eenheid of verstaanbaarheid.

**Struktuur:**
Die drama word ‘n “anti-drama” genoem. Dit parodieer die “well-made play” uit die realistiese tradisie. Ionesco se dramas ontwikkel op ‘n lukrake toevallige manier, in stede daarvan dat dit op ‘n lineêre, oorsaak-tot-gevolg manier ontwikkel na ‘n klimaks en ontknoping, soos volgens die realistiese tradisie. Alhoewel dit toenemend frenetiess en verwoed word na die einde toe, asof dit ontwikkel na ‘n emosionele klimaks, keer dit uiteindelik terug na die aanvang van die drama en begin dit weer van voor af. Hierdie sikliese struktuur stel voor dat ‘n oneindige en langdradige her-speel moontlik is, maar die idée word laat vaar, nie omdat daar ‘n Aristoteliaanse einde is nie, maar bloot vanuit praktiese oorwegings. Selfs ‘n anti-drama moet eindig.

*Die Kaalkop Prima Donna* word beskryf as ‘n lang eenbedryf. Daar is geen formele verdelings in bedrywe of tonele nie. Die ingange en uitgange van karakters merk episodiese veranderinge wat geen oorsaaklike of tematiese aansluiting bevorder nie.

Daar kan vyf groot episodes onderskei word:

1. Aanvanklik is die Smiths alleen, hulle stry oor beuselagtighede en

bespreek die Bobby Watsons.

2. In die volgende episode is die Martins alleen, en ontdek hulle op ‘n langdradige manier dat hulle getroud is.
3. In die derde episode is die Martins en Smiths saam, hulle deel leë waarnemings en stry oor die belangrikheid van die deurklokkie.
4. In die vierde episode verskyn die Brandweerhoof wat die twee pare besoek, hulle vertel stories.
5. Die finale toneel is nadat die huisbediende hulle onderbreek het en die Brandweerhoof uitgegaan het. Die Smiths en Martins is weer alleen, betrokke in niksseggende gesprekke.

Hierna ontwikkel die anti-drama in ‘n kombinasie van epiloog en proloog, waar dit van vooraf begin.

Die drama eindig deur weer te begin – dit is duidelik dat geen les geleer word nie, geen groei het plaasgevind nie en daar is geen hoop op betekenis in die lewe nie. Dit is waarom hierdie drama, alhoewel komies as ‘n tragedie beskou kan word.

**Opvoerruimte:**
Die inkleding is van *Die Kaalkop Prima Donna* is tipies Engels. Die binnekant van die ruimte, die meubels, die karakters se klere en maniere is Engels – as ‘n stereotipiese uitbeelding van ‘n spesifieke nasionaliteit. Die inkleding is die moderne woning van ‘n middelklas Londonse paar. Hulle toon tipiese Engelse stoïsynse terughoudendheid en oppervlakkige vrolikheid en beleefdheid.

Die inkleding kan realisties wees, maar die optrede van die Smiths is nie realisties nie. Die Engelse klok dui van die aanvang van die drama aan dat die handeling ‘n parodie is waar die werklikheid verbuig word, binne ‘n realistiese omgewing.

***Afspraak met Godot* deur Samuel Beckett**

**Struktuur**

AMG[1] kan nie as konvensionele teater beskou word met intriges wat opgesom kan word in die vorm van ‘n storie nie. In stede van ‘n lineêre ontwikkeling, kan AMG gesien word as Beckett se polifoniese drama wat die menslike kondisie weerspieël. Die drama konfronteer die gehoor met ‘n struktuur van stellings en beelde wat wisselend aangebied word. AMG vertel nie ‘n storie nie, dit ontgin ‘n statiese situasie: “Niks…gebeur nie, niemand kom nie, dit is aaklig”.
In die drama word situasies uitgespeel wat hulself ewigdurend sal herhaal, daar is dus nie gebeure met ‘n definitiewe begin, middel en einde nie. Dit is waarom die patroon van Bedryf 1 in Bedryf 2 herhaal word met ‘n paar variasies. Die

[1] Afspraak met Godot

drama herhaal die patroon van die ou Duitse lied wat Vladimir sing aan die begin van Bedryf 2.

**Karakter**

**Vladimir** en **Estragon**, **Pozzo (Agjo)** en **Lucky (Boerpot)** is nie karakters nie, maar die verpersoonliking van basiese menslike houdings, baie soos die verpersoonlikde deugdes en gebreke in middeleeuse dramas.

**Pozzo (Agjo)** dryf **Lucky (Boerpot)** op ‘n reis sonder ‘n oënskynlike doel; ‘n paar wat altyd aan die beweeg bly. **Vladimir** het **Estragon** oorgehaal om vir Godot te wag; ‘n paar wat altyd bly en wag. **Pozzo (Agjo)** en **Lucky (Boerpot)** word saamgebind deur ‘n tou; **Vladimir** en **Estragon** word saamgebind deur noodsaak. Hulle is verhewe bo **Pozzo (Agjo)** en **Lucky (Boerpot)**, omdat hulle minder naïef is. Hulle (**V & E**) glo nie in handeling/aksie, rykdom of rede nie. Hulle is bewus dat alles wat ons in hierdie lewe doen as niks/nietig gesien word teenoor die sinlose handeling van tyd, wat op sigself ‘n illusie is. Hulle is van mening dat selfmoord die beste uitweg sou wees. Hulle is dus verhewe bo **Pozzo (Agjo)** and **Lucky(Boerpot)**, omdat hulle minder selfgesentreerd is en minder illusies het.

Daar is ‘n skeiding tussen die intellek en die liggaamlike in die drama. Vladimir stel die intellek voor en Estragon die liggaamlike; beide kan nie sonder mekaar bestaan nie. Die gemeenskaplike begeerte om die tyd om te kry spreek ook die kwessie aan: waarom bly Vladimir en Estragon saam? Beide karakters erken dat hulle gelukkiger is wanneer hulle apart van mekaar is. Een van die hoofredes dat hulle voortgaan met hul verhouding, is dat hulle mekaar nodig het om die tyd te verwyl. Estragon kan niks onthou van wat gesê nie. Vladimir, het ‘n beter geheue, maar hy wantrou dit wat hy onthou. Aangesien Vladimir nie op Estragon kan staatmaak om hom te herinner nie, leef hy ook in ‘n staat van vergeetagtigheid. Dit is asof Vladimir ‘n identiteit vir Estragon skep deur vir hom te onthou. Estragon dien ook as ‘n herinnering vir Vladimir van alles wat hulle saam gedoen het. Dus herinner beide karakters mekaar aan die aspekte van hul bestaan.

**Vladimir en Estragon: Komplimentêre persoonlikhede**

Die teenoorgestelde van hul geaardhede is die oorsaak van eindelose gekibbel. Dit lei dikwels tot die voorstel dat hulle moet skei.

| **Vladimir** | **Estragon** |
|---|---|
| Meer pakties ingestel | Sê hy is ‘n digter |
| Volhard/ druk deur | Wispelturig (onstabiel, onvoorspelbaar) |
| Hou nie daarvan om van drome te hoor nie | Dromer |
| Sy asem stink | Sy voete stink |
| Onthou gebeure wat in die verlede afgespeel het | Vergeet sodra iets gebeur het |

| | |
|---|---|
| Word ontstel deur snaakse stories | Hou daarvan om snaakse stories te vertel |
| Sê dat hy hoop dat Godot sal kom en hul situasie sal verander | Bly skepties deurgaans, vergeet die naam van Godot by tye |
| Beskerm Estragon by tye, sing hom aan die slaap, maak hom toe met sy jas | Swakker as Vladimir, word aangerand deur vreemdelinge |

**Lucky (Boerpot) en Pozzo (Agjo): sado-masochistiese inter-afhanklikheid**
Hierdie karakters is ook komplimentêr, maar hul verhouding is meer primitief van aard. Hulle stel die verhouding tussen liggaam en verstand, die materiële en die spirituele aspekte van die mens voor; met die intellek ondergeskik aan die aptyt van die liggaam.

| **Lucky (Boerpot)** | **Pozzo (Agjo):** |
|---|---|
| Onderdanige slaaf | Sadistiese meester |
| Dra die bagasie en sweep waarmee hy geslaan word | In Bedryf Een: ryk, magtig, seker van homself |
| Dans en dink vir vir **Pozzo (Agjo):** | Stel 'n wêreldse man voor, kortsigtige optimisme |
| Leer vir **Pozzo (Agjo)** die hoër waardes van die lewe : "skoonheid, grasie, waarheid van die eerste water"" | Verkeer onder die illusie dat hy mag en permanensie het |
| Meer geestelik | Meer materieel |
| Verstand | Liggaam |
| Word stom in Bedryf Twee | Word blind in Bedryf Twee |
| Op 'n naïewe manier oortuig van die mag van rede, skoonheid en waarheid | Op 'n naïewe manier te veel selfvertoue en selfgesentreerd |

**Taal**
AMG gee uitdrukking aan die kompleksiteit om betekenis te vind in 'n wêreld wat aan konstante verandering blootgestel is. Die taal varieer van banale vulgariteite tot liriese skoonheid. Die gebruik van taal in die drama ontgin die beperkinge van taal as 'n vorm van:

- kommunikasie
- 'n middel tot die uitdrukking van geldige stellings
- 'n instrument vir gedagtes

Beckett toets 'n vorm van uitdrukking verby taal. Op die verhoog kan 'n mens woorde uitlaat, of die werklikheid agter die woorde wys, soos wanneer die handeling van die karakters hul woorde weerspreek. "Kom ons gaan", sê die twee boemelaars aan die einde van elke bedryf, maar volgens die verhoogaanwysings beweeg hulle nie. Die feite/waarheid agter woorde kan op

die verhoog sigbaar gemaak word. Daarom is mimiek, komedie en stilte so belangrik, bv die sekwens met Lucky (Boerpot) se hoed.
Beckett gebruik die verhoog om die gaping te verminder tussen die beperkinge van taal en die intuïsie van wees/bestaan.
Die konkrete en drie-dimnsionele aard van die verhoog kan gebruik word om nuwe hulpbronne tot taal te voeg as ‘n instrument van gedagtes en die ontginning van ‘wees’/bestaan.

Taal in Beckett se dramas gee uitdrukking aan die disintegrasie, aftakeling van taal. Waar daar geen sekerheid is nie, is daar geen definitiewe betekenis nie – die onmoontlikheid om ooit sekerheid te verkry, is een van die hooftemas in Beckett se dramas: Godot se beloftes is vaag en onseker.

Die volgende dui aan dat taal het sy funksie om te kommunikeer verloor**:**

- Misverstande
- Dubbelsinnigheid
- Monoloë (as ‘n teken van die onvermoë om te kommunikeer)
- Clichés
- Herhalings of sinonieme
- Onvermoë om die korrekte woorde te vind
- Telegrafiese styl (verlies aan grammatikale struktuur, kommunikasie deur bevele wat geskree word)
- Lucky (Boerpot) se toespraak van chaotiese nonsens
- Die uitlaat van leestekens soos vraagtekens

Die dialoog verbrokkel keer op keer, want daar is geen werklike wisselwerking van gedagtes wat plaasvind nie. Verlies van betekenis vind plaas deur enkele woorde (die Boodskapper se antwoord of hy gelukkig is, “Ek weet nie meneer”) of deur die onvermoë van karakters om te onthou wat hulle pas gesê is (Estragon: ‘Of ek vergeet onmiddelik of ek vergeet nooit nie’).

Dialoog, soos die handeling, word ‘n blote speletjie om tyd om te kry in ‘n doellose wêreld.
Beckett se taal is so ontwerp om taal te devalueer as ‘n manier van gedagtewisseling of as ‘n instrument vir kommunikasie van klaargemaakte antwoorde op probleme oor die menslike kondisie. Dit is ‘n aanval op die simplistiese siening dat ‘n problem opgelos kan word, wanneer dit benoem kan word, dat die wêreld beheer kan word deur netjiese klassifiserings en formulerings.

**Opvoerruimte**

Die ruimte versterk die leegheid van die Eksistensiële wêreld waar mense geïsoleerd voel binne hul ruimte. Die verhoog word ‘n metafoor vir die wêreld. Die leë opvoerruimte reflekteer die neerdrukkemde leegheid van die karakters se lewens. Die afwesigheid van Godot word as beperkend en beklemmend ervaar.

Die karakters bevind hulle in ‘n wêreld met leegheid rondom hulle en probeer nie om te bestaan nie, maar eerder om te bewys dat hulle bestaan. Die stel word duidelik beskryf: ‘n pad en ‘n boom. Die teks gee nie aanduidings van watter soort boom nie. Die ontwerpkeuses moet altyd aansluit by die onderliggemde temas en boodskappe wat die regisseur wil beklemtoon. Bewegingspatrone op die verhoog weerspieël dat daar nie ‘n lineêre intrige/plot is nie, handeling word herhaal en daar is geen duidelike uitkoms of ‘n duidelik geformuleerde oplossing vir die misteries van die lewe nie. Blocking is daarom baiekeer siklies en herhalend; dit toon die dringendheid wat kontrasteer met die uiteindelike gevoel van fultiliteit en hopeloosheid. Die karakters kan in herhalende sirkelbewegings beweeg of in reguit rye wat die beperking wat hulle voel, weerspieël.

***Bagasie* deur André P. Brink**
*(In hierdie antwoord word daar na die triptiek in geheel verwys. Kandidate hoef nie na elke drama per element te verwys nie – die drie dramas moet wel deur die loop van die antwoord aangespreek word)*

**Karakters**

| ***Die Koffer*** | ***Die Trommel*** | ***Die Tas*** |
|---|---|---|
| Klerk<br>Man<br>Vrou<br>Heer<br>Dame<br>Kruier | Odet<br>Odette<br>Besoeker<br>Meisie | Man 1<br>Man 2<br>Kelnerin<br>Vreemdeling |
| **In al drie dramas word die volgende aspekte oor karakters geïdentifiseer:** | | |

- Die karakters is nie psigologies oortuigend nie.
- Hulle is nie heroïese tipes nie.
- Die karakters kan beskryf word as die oertipe ‘alleman’/*everyman*.
- In sy/haar identiteitloosheid verteenwoordig die karakter die moderne mens as metafisiese wese, as mens op aarde, nie mens met sielkundige konflikte nie.
- Hulle is dikwels liggaamlik en geestelik afgetakel – die mens in die wêreld word voorgestel: Soos Vladimir in *Afspraak met Godot* sê: ‘All mankind is us, whether we like it or not’.
- Die gehoor kan meelewing hê met die absurde karakter- die karakter kom oordrewe voor, hy/sy is die argetipe van die mens.
- Identifikasie met die karakter is moontlik, omdat hy fasette laat deurskemer van die komplekse karakter van die mens van vandag.
- Die absurde karakter is die anti-held sonder grootse karaktereienskappe.
- Hy/sy het eerder karakterfoute.
- Hy/sy is dikwels oud en afgeleef (Man en Vrou in *Die Koffer*).
- Die karakters verkeer ook gereeld in ‘n toestand van verval.

- Hul voorkoms is vervodde – skoene is voos en stukkend.
- Die karakters is meer as net allegoriese figure: In *Die Koffer*: mens in sy 'Sein zum Tode' gebeeld: die reis vanaf Mortalie (die doderyk) deur die lewe, is die weg wat alle mense volg.
- Die karakter beeld slegs die essensiële uit: die ek en die medemens, die ek en sy alter ego/ander helfte.
- Die karakters in al drie dramas kom as pare voor.
- Pare komplementeer mekaar.
- Heg op verskillende wyses met mekaar.
- Geen karakterontwikkeling/gebrek aan motivering.
- Verloor mensheid – word marionette.
- Daadloos, slegs sinlose gebare en gewag.

**Opvoerruimte**

| ***Die Koffer*** | ***Die Trommel*** | ***Die Tas*** |
|---|---|---|
| Verhoog feitlik kaal<br>Toonbank, verhoog regs<br>Ry tasse teen agtermuur<br>Middel agter – groot horlosie wat op 5:00 staan. | 'n Kaal verhoog wat 'n amper leë kamer voorstel. Geen dekor nodig nie. 'n Ingang heel agter links. Die ingang is bedek deur 'n skerm. Agter regs is 'n ysterbed waarop 'n lakenbedekte lyk lê. Heel voor in die middel staan 'n groot swart trommel. | 'n Kafee word uitgebeeld. Twaalf eenderse klein tafeltjies, geragskik in 4 rye van agter na voor, 3 rye in elke ry. By die tafeltjie heel voor regs staan 2 stoele; by die res is daar nie meer as een stoel nie. |

**Die absurde benadering tot die gebruik van die opvoerruimte in al drie dramas kan soos volg beskryf word:**

- Die eenheid van plek word behou – die handeling vind slegs binne een ruimte plaas
- Lokaliteit /die plek waar die handeling plaasvind is universeel
- Daar word gereeld na die buiteruimte verwys: 'n vae tussentydse gebied
- Die ruimte benadruk die leegheid van die Eksistensiële wêreld waar die mens geïsoleerd voel in sy ruimte.
- Die verhoogruimte word 'n metafoor vir die wêreld waarin die mens leef.
- Weerspieël innerlike geestestoestand
- Die amper leë opvoerruimte reflekteer die neerdrukkende leegheid van die karakters se lewens.
- Bewegingspatrone op die verhoog demonstreer dat daar nie lineêre ontwikkeling in die intrige is nie; handelinge/aksies herhaal mekaar en daar is nie 'n duidelike uitkoms of netjies omlynde oplossing of definisie vir die misteries van die lewe nie.
- 'Blocking' (uitleg van beweging) is daarom in die dramas gereeld siklies en

herhalend.
- Dit weerspieël ook soms ‘n gevoel van dringendheid wat in kontras staan met die uiteindelike sinloosheid en futiliteit van die handeling.
- Die karakters sou in sikliese formasies beweeg of in formele lyne wat ‘n weerspieëling is van die beperkinge wat hulle ervaar.

**Taalgebruik**

| ***Die Koffer*** | ***Die Trommel*** | ***Die Tas*** |
|---|---|---|
| **In al drie van die dramas kan die taalgebruik soos volg beskryf word:**<br>• Taal is meer as ‘n oordragmiddel.<br>• Dit is ‘n bewuste demonstrasie van die menslike toestand.<br>• A-kommunikasie word deur dialoog gedemonstreer.<br>• Daar is verskeie absurde redenasies wat deurgaans in die drie dramas voorkom.<br>• Teensprake tussen die karakters is volop.<br>• Kruisdialoog<br>• Interne monoloog<br>• Eggo frases (identies of reduksies)<br>• Naturalisties georiënteerd<br>• Kontradiktoriese aard van dialoog<br>• Meganiese herhalings<br>• Stichomita – kortlynige afwisselende dialoog<br>• Monoloogaard van dialoog<br>• Clichés<br>• Weerspieël leegheid van karakters | | |

**Struktuur**

| ***Die Koffer*** | ***Die Trommel*** | ***Die Tas*** |
|---|---|---|
| Elke drama is ‘n eenbedryf wat deel vorm van die triptiek, *Bagasie*.<br>Hulle word saamgebind deur ‘n blik op menslike verlatenheid wat verdiep tot ‘n bestaansangs.<br>Al drie dramas word gebou op die volgende deurlopende temas:<br>• ‘n religieuse probleem: die mens op soek na sin en na ‘n God wat hom skynbaar onbereikbaar teruggetrek het<br>• die vrees om verantwoording te doen vir die lewe<br>• die vrees om te kies tussen lewe en dood<br>▪ koffer, trommel en die tas vorm die middelpunte van ‘n bestaanskrisis<br>• Die som van ‘n hele bestaan word in ‘n besondere bagasie saamgevat<br><br>**Die titel, *Bagasie* bewerkstellig ‘n eenheid tussen die drie stukke, asook die volgende:**<br>• tema van bagasie wat mens met hom rondra of benodig | | |

- die wag op iets om te gebeur of iemand wat sal kom
- die leegheid en sinloosheid van die mens in sy patetiese bestaan
- vermenging van komiese en tragiese elemente
- al drie dramas is byna intrigeloos – onderstreep monotoniese en herhaling van tyd in menslike aksie
- een situasie is uitgebeeld
- slot word oopgelaat of is sirkulêr

(20)

**Die volgende matriks kan gebruik word as 'n riglyn om die vraag te beantwoord.**

| Vraag 5.1 Punte | | Beskrywer |
|---|---|---|
| 17-20 | Uitstekend | Kandidaat beantwoord die vraag deur te verwys na die riglyne, verskaf ook meer inligting as vereis deur die riglyne. Die kandidaat het nie die riglyne nodig om die vraag te beantwoord nie. Die essay vorm 'n samehangende geheel. Die argumente is gedetailleerd volgens die kandidaat se interpretasie van die onderwerp. |
| 13-15 | Goed | Die kandidaat beantwoord die vraag deur gedetailleerde verwysing na die riglyne. Die essay vorm 'n eenheid en bevat beduidende argumente. Aansluiting met die onderwerp is duidelik. |
| 9-12 | Gemiddeld | Die kandidaat kan die vraag beantwoord, maar maak gebruik van die stellings in die riglyne as 'n begin vir elke sin, voordat dit met Absurde Teater verbind word. Die essay is deeglik, maar kort samehang. Aansluiting met die onderwerp word genoem, maar nie altyd bewys nie. |
| 5-8 | Voldoende | Die kandidaat se antwoord is oppervlakkig, die riglyne word oorgeskryf en kommentaar op elkeen gemaak. Nie 'n essay nie, maar 'n reeks stellings. Aansluiting by die onderwerp is toevallig. |
| 0-4 | Swak | Die kandidaat antwoord deur die riglyne oor te skryf, maak 'n poging om kommentaar te lewer. Nie 'n essay nie, maar 'n reeks stellings. Geen aansluiting by die onderwerp nie. |

(20)

5.2.1 Waar, Satre was een van die filosowe wat die eskistensiële filosofie aangehang en wat Absurde Teater beïnvloed het.

5.2.2 Onwaar,'n kenmerk van Dramatiese Teater (ook Realisme) is dat daar 'n eenheid van tyd en handeling is. In Absurde Teater, word die eenheid van tyd en handeling ontwrig om 'n wêreld sonder harmonie te weerspieël.

5.2.3 Waar, Beckett was bekend vir dramas soos *Endgame*, *Krapp's Last Tape* en *Happy Days*. Beckett het Absurde Teater onder die aandag van die publiek gebring.

5.2.4 Waar, Sisyphus het die gode kwaad gemaak en was verdoem om 'n rots teen 'n berg op te stoot, net om dit weer terug ondertoe te rol sodra hy dit tot op die kruin gestoot het. Die mite verwys na die futiliteit/nutteloosheid van die mens se bestaan, die doellose herhaling wat ervaar was deur die na-oorlogse samelewing.

5.2.5 Onwaar, die rolverdeling is gewoonlik klein in Absurde Teater. Griekse Teater is bekend vir kore.

(5 x 2) (10)
**[30]**

| **Moeilikheidsgraad** | **Persentasie** | **Punte** | **Vrae** |
|---|---|---|---|
| Hoër orde | 30 | 9 | 5.1 (9 punte) |
| Middel orde | 40 | 11 | 5.1 (11 punte) |
| Laer orde | 30 | 10 | 5.2 (10 punte) |

## AFDELING C: BEGRYP EN ANALISEER

**BEANTWOORD DIE VRAE OOR TWEE DRAMAS WAT JY BESTUDEER HET UIT VRAE 6 – 14**

## VRAAG 6: *BOESMAN EN LENA* DEUR ATHOL FUGARD

Hierdie vraag is 'n keusevraag uit Afdeling C. Die volgende LUs en ASe word hierdeur getoets: LU 3: AS1, AS 2, AS 3. Totale punte: 30

6.1 Die antwoord kan die volgende insluit:
- Ja, dit is relevant

- Alhoewel die politiese klimaat verbeter het, leef baie mense steeds in volslae armoede (die ekonomiese situasie het nie verbeter nie).
- Boesman en Lena se karakters spreek die probleem van mishandeling van vroue aan. Die drama is steeds relevant omdat gesinsgeweld steeds meer algemeen word en dreig om buite beheer te raak in Suid-Afrika.
- Die drama dien as 'n voorbeeld vir die huidige regering om te verhoed dat dit nie die foute van die vorige ondemokratiese regering herhaal nie.
- Die drama spreek die nalatenskap van die verlede aan (werkloosheid, armoede, vrouemishandeling, dakloosheid, grondloosheid, mense is ontneem is van hul eie grond).
- Die drama moedig die mense en sy regering aan om die ekonomiese toestand van sy burgers aan te spreek.
- Die karakters waarsku die mense van die land om nie dieselfde foute van die vorige regering te maak nie, waar onderdrukkende sosiale en ander wette ingestel was wat swartmense sonder grond en 'n tuiste gelaat het.
- Dit is veral Boesman se karakter wat die psigologiese samestelling voorstel van 'n man wat ander mishandel. Dit is gereeld die gevolg van emosionele frustrasies en ekonomiese tekortkominge veroorsaak deur die vorige regering.
- Die drama spreek die skaars en yl verspreide hulpbronne en infrastruktuur aan ten opsigte van huise, vervoer, ens.
- Die drama daag die strategieë van die vorige regering uit wat alkohol maklik verkrygbaar gemaak het vir die swart gemeenskappe, terwyl hul reg en vermoë om 'n behoorlike bestaan te maak, van hulle ontneem was.

(12)

6.2.1
- Lena wil Boesman verlaat, maar het geen alternatiewe manier van oorlewing nie
- Lena wil nie voortgaan met hul swerfbestaan nie, maar sy het geen ander uitweg nie
- Lena voel dat sy sleg behandel word deur Boesman, maar wil ook kwaad doen aan 'n voël, net omdat dit (die voël) die vryheid het, waaroor sy nie beskik nie. (4)

6.2.2 Kandidaat se eie standpunt. (4)

6.2.3
- Die dialoog het het baie fisiese eienskappe wat direk of indirek verwys na die intrige/plot van die drama, bv:

BOESMAN: *Ek sal aanhou loop. Ek sal loop en loop…*
LENA: *Eina…*
BOESMAN: *totdat jy so bleddie moeg is dat wanneer ek stop jy nie jou eie mond kan oopmaak nie*.

Hierdie gedeelte verwys na mense wat op 'n hopelose swerftog is. Die hele drama handel oor mense wat rondswerf van een plek na die ander sonder 'n spesifieke doelstelling.

- Daar is nie-verbale vertelling wat die frustrasies tussen Boesman en Lena weerspieël, bv:

LENA: [Sy staar opsigtelik na 'n voël. Sag…sy kyk 'n paar sekondes langer daarna, dan skarrel sy op haar voete en wys haar vuiste daarna.]
BOESMAN: [*Pouse… Boesman staar na haar.*]
LENA: [*Treurige lag, sy klap haar hande*]
LENA: [*Sy skud haar kop…pouseer dan*]
BOESMAN: [*Boesman ignoreer haar*] (5)

6.2.4
- BOESMAN: ['n gebaar van verslaentheid]

Weerspieël 'n bedrukte, moedelose paar

- LENA: [*Raak aan 'n teer deel onder haar oog*]

Weerspieël 'n gewelddadige Boesman omdat hy haar onder haar oog geslaan het

- [*Boesman draai weg van haar, hy sleep hul een matras na waar hy hul skuiling gebou het. Hy tel dan die stuk sink op en kyk daarna, ondersoek verskeie posisies as 'n dak, 'n muur, ens.]*


Weerspieël, arm daklose Boesman en Lena (5)

| Moeilikheidsgraad | Persentasie | Punte | Vrae |
|---|---|---|---|
| Hoër orde | 30 | 9 | 6.2.2 (4 punte), 6.2.3 (5 punte) |
| Middel orde | 40 | 12 | 6.1 (12 punte) |
| Laer orde | 30 | 9 | 6.2.1 (4 punte), 6.2.4 (5 punte) |

**VRAAG 7 *uNOSILIMELA* DEUR CREDO MUTWA**

| |
|---|
| Hierdie vraag is 'n keusevraag uit Afdeling C. Die volgende LUs en ASe word hierdeur getoets: LU 3: AS1, AS 2, AS 3. Totale punte: 30 |

7.1 Bestudeer Credo Mutwa se opvoerstyl/teaterstruktuur van *uNosilimela* hieronder en beantwoord die vrae wat volg:



7.1.1
- God
- Heilige aard van die opvoering
- Heilige plekke
- Woning van die voorvaders (2)

7.1.2 Voordele:
- Dit vergelyk goed met ander inheemse opvoerruimtes in ander Afrika gemeenskappe
- Leerders (veral dié in die platteland) behoort hierdie tipe van opvoering te ken
- Dit verdryf die mite dat inheemse gemeenkappe (veral dié in Afrika) nie formele teaterstrukture het nie.
- Dit verdryf die mite dat inheemse gemeenskappe (veral dié in Afrika) nie goed toegeruste en ontwikkelde formele teaters het nie.

7.1.2 Nadele:
- Mag te duur wees in ‘n skool/gemeenskap wat finansieel gestrem is
- Mag onbekend en verwarrend wees vir ‘n gehoor wat gewoond is aan ‘n Westerse opvoerstyl
- Mag moeilik en duurder wees om te vervoer na die volgende opvoerruimte/skool (bv. teater) (4)

7.1.3 Gee krediet vir die kandidaat se kreatiwiteit. Beloon motivering uit die teks. Die volgende kan in die antwoord voorkom:

**Gebruik van ruimte:**
Die drama kan binnenshuis in ‘n skoolsaal of buite op die skoolgrond en rugbyveld plaasvind. Wanneer ‘n toe/omheinde ruimte gebruik word soos die skoolsaal, is dit belangrik dat die hele ruimte gebruik word as ‘n speelarea. Die verhoog kan gebruik word as die hoë area of *ishashalazi*. Dit sal die hoof-speelarea wees. Die area vir die voorvaders sal bo-verhoog links in die saal voorkom. Die *inkundla* sal voorkom naby die hoofingang/-uitgang van die saal. Tussen hierdie ruimtes (*inkundla* en *ishashalazi)*, sal daar ‘n voetpad wees wat hierdie twee areas met mekaar verbind. Die gehoor sal hulself bevind tussenin en rondom hierdie areas.
Indien ‘n oop ruimte vir die opvoering gebruik word, sal die riglyne hierbo geld.

**Hoe die opvoering kan plaasvind:**
Dit sal tot die betekenis van die drama bydra indien die natuurlike omgewing gebruik sou kon word om die illusie van tyd, landelike en stedelike omgewings te skep. Die lede van die gemeenskap soos die tradisionele geneeshere en ouers behoort in die opvoerings as gas-akteurs gebruik te word.

**Eienskappe van die leerders:**
Toewyding, stiptelikheid en byhou by repetisieskedules, begrip van die landelike en stedelike opset en agtergrond van Afrka kultuur. (10)

7.1.4
- Umendo (voetpad) word gebruik as ‘n nie-orale vertelling wat die storie vertel van die landelike en die stedelike lewe
- Umendo simboliseer uNosilimela se ‘nie-orale stem’ soos sy reis (fisies, sosiaal, kultureel en ekonomies) na die onbekende
- Umendo dien as ‘n verbinding tussen tussen die wêreld van die lewendes en die wêreld van Opperwese en die geeste. (6)

7.2 "*Isilimela*" is die groep van helder skynende sterre wat om middernag verskyn in die Noordelike gedeelte van die hemelruim oorkant die Suiderkruis.

- uNosilimela (die karakter) het al haar beproewinge en probleme stralend en triomfantelik oorkom
- Afrika gemeenskappe, veral amaXhosa, beskou sterre met eerbied en as voorvaderlike wonings. uNosilimela word dan beskou as 'n voorvaderlike reïnkarnasie wat die rol van 'n offerande aanneem sodat haar mense gered kan word.
- Die naam 'uNosilimela' beteken 'n vroulike karakter. 'uNo-' is 'n voorvoegsel wat aan 'n meisie gegee word wanneer die ster '*isilimela*' in die hemelruim verskyn met haar geboorte. uNosilimela, weerspieël die rol van 'n vrou in die gemeenskap wat gereeld met beproewinge en probleme moet worstel. Hierdie beproewinge en probleme is nie as gevolg van haar eie toedoen nie. (3)

7.3 Antwoorde volgens die kandidaat se keuse, maar kan die volgende insluit:

- Ja, sy 'n slagoffer van kulturele ongeregtigheid en is nie bang om dit te konfronteer nie.
- Ja, uit 'n godsdienstige oogpunt word sy misverstaan, maar is nie bang om teen die Christendom te rebelleer nie.
- Ja, sy verduur baie swaarkry in die stad (3)

7.4

- Struktuur is episodies en mities
- Gebruik van 'n verteller en maskers
- Liedere en danse word as 'n kontrapunt tot die handeling gebruik
- Stelontwerp hou direk verband met die handeling (2)

**[30]**

| **Moeilikheidsgraad** | **Persentasie** | **Punte** | **Vrae** |
|---|---|---|---|
| Hoër orde | 30 | 10 | 7.1.3 (10 punte) |
| Middel orde | 40 | 10 | 7.1.1 (2 punte) 7.2 (3 punte) 7.3 (3 punte) 7.4 (2 punte) |
| Laer orde | 30 | 10 | 7.1.2 (4 punte), 7.1.4 (6 punte) |

## VRAAG 8: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI MGEMA EN BARNEY SIMON

Hierdie vraag is ‘n keusevraag uit Afdeling C. Die volgende LUs en ASe word hierdeur getoets: LU 3: AS1, AS 2, AS 3. Totale punte: 30

8.1 **Die Paswet** – alle swart mense is onderwerp aan hierdie wet wat vereis het dat hulle ‘n pasboek saam met hulle moet dra waar hulle ook al gaan. Sonder ‘n pasboek kon hulle nie buite hul gemeenskap gaan nie. Hierdie pas was ‘n dokument van arbeidbeheer en enige wit werkgewer of polisiebeampte kon opdrag gee dat dit aan hulle getoon word. Dit het die naam van die draer bevat en die distrik waar hy/sy toegelaat was om te werk. Die draer het slegs ses dae gehad om ‘n werk te vind, anders moes hy/sy ‘n ander distrik vind. Die proses om ‘n pas te bekom was langdradig en baie tydrowend. Mans moes in verskeie lang toue wag en is blootgestel aan mediese ondersoeke voordat die pas finaal toegeken is. ‘n Pas was slegs vir ses maande per keer toegeken. Hierdie sisteem het uiterste ontbering en ongerief vir swart mense veroorsaak. Indien hulle nie ‘n pas gehad het nie, is hulle in hegtenis geneem en aangehou.

**Bantoe Onderwys** – Die Bantoe Onderwyswet was spesifiek ontwerp om te verseker dat die grootste gedeelte van die bevolking onkundig sou bly. Swart mense sou dus minder waarskynlik die stelsel uitdaag en as ongeskoolde arbeid ‘n goedkoop arbeidsmag bly. Wit leerders moes skoolgaan tot op 16-jarige ouderdom, maar nie-wit leerders was nie verplig om skool te gaan nie en kon enige tyd ophou met hul skoolloopbaan. Daar was min/beperkte regeringsubsidies aan hulle beskikbaar en die meeste families kon dus nie bekostig om hul kinders te laat skool gaan nie. Daar was dus baie kinders wat skool verlaat het teen Graad 3 – met die gevolg dat hulle dus nie kon lees en skryf nie. In die drama sien ons die vleisverkoper, wat in die skool moes gewees het, maar nie is nie; en die barbier (haarsnyer) wat kommmentaar lewer oor sy dogter wat ‘n ‘LLLLLB’ doen.
(Aanvaar ook antwoorde wat betrekking op sosiale kwessies soos armoede, rasse diskriminasie, ens). (6)

8.2 Akteurs moet vokaal (stem) baie vaardig wees, hulle moet hulself kan transformeer in helikopters of dobbelmasjiene. Kies ‘n akteur wat baie veelsydig is en wat die vermoë het om te sing, dans en toneel te speel, ‘n akteur wat moontlik opgelei is in Arm/Gestroopte teatertegnieke en in fisiese teater. (3)

8.3 Kandidate moet hul keuse regverdig deur te verwys na die karakter se betekenis/belang, doelstelling en handeling in die drama. Die antwoord is subjektief omdat kandidate enige karakter kan kies.

Byvoorbeeld – karakters word nie ten volle gedefinieer nie, hulle is nie drie-dimensionele, geronde karakters nie, maar is slegs stereotipes – gebaseer op gewone mense in Soweto. Die polisieman, Baas Kom en die tronkbewaarders is almal verteenwoordigend van wit mense. Hul funksie in die drama is om die apartheidsregering voor te stel. Kandidate mag Baas Kom kies en sê dat hulle hom interessant vind, omdat hy so baie outoriteit het en kon daarom sy werkers manipuleer en beheer om te doen wat hy wou. Vandag het werkers meer regte en sou nie soortgelyke optrede van hul base verdra nie. Hulle het strukture waardeur hulle hul griewe kan lug, maar die karakters in die drama het nie hierdie strukture nie (5)

8.4 Narre-neuse, teekis
Die verbale dinamika (verbal dynamics) gebruik deur die akteurs. (4)

8.5 Daar is ses-en-twintig kort tonele en slegs twee akteurs wat baie rolle speel. Die pas is daarom vinnig soos die akteurs teen ‘n hoë tempo van een toneel na die ander beweeg. Dit word op so ‘n vloeiende en ononderbroke manier gedoen, dat die gehoor nie bewus is van die toneelwisselinge nie. Byvoorbeeld die twee akteurs maak die geluid van ‘n polisiesirene wat die twee tonele verbind. (4)

8.6 Dit was nuttig, omdat dit mense wat voorheen benadeeld was, ‘n geleentheid gegee het om ‘n drama te skep. Die proses was demokraties en deelnemend. Dit het veroorsaak dat kwessies wat deur gevestigde dramaturge verwaarloos was soos rassisme en diskriminasie, in die openbaar aangespreek kon word. Op hierdie manier is die uitdagings en struikelblokke wat deur die mense in die townships ervaar is, sterk beklemtoon. Dit was ook ‘n effektiewe manier om swart mense op te voed oor die onderdrukking en diskriminasie wat hul ervaar het en om hulle ook aan te moedig om daarteen op te tree. (4)

8.7 Subjektiewe antwoord vereis, maar kandidate moet hul antwoord motiveer. (4)
**[30]**

| **Moeilikheidsgraad** | **Persentasie** | **Punte** | **Vrae** |
|---|---|---|---|
| Hoër orde | 30 | 8 | 8.4 (4 punte), 8.5 (4 punte) |
| Middel orde | 40 | 12 | 8.1 (6 punte) 8.3 (2 punte) 8.6 (2 punte) 8.7 (2 punte) |
| Laer orde | 30 | 10 | 8.2 (3 punte) 8.3 (3 punte) 8.6 (2 punte) 8.7 (2 punte) |

## VRAAG 9: SOPHIATOWN DEUR THE JUNCTION AVENUE COMPANY

Hierdie vraag is 'n keusevraag uit Afdeling C. Die volgende LUs en ASe word hierdeur getoets: LU 3: AS1, AS 2, AS 3. Totale punte: 30

9.1 Die spekulant, Herman Tobiansky het Sophiatown na sy vrou, Sophia genoem. (2)

9.2 Dit was 'n plek gekenmerk aan vryheid en dit was nie omhein soos ander swart townships nie. Dit was een van die min plekke waar swart mense toegelaat is om eiendom te besit en waar mense van kleur ook besighede kon besit. Mense van verskillende rasgroepe was toegelaat om in vrede en harmonie saam te woon. (4)

9.3 **Oorbevolking** – omdat die bevolking baie vinnig gegroei het, het huiseienaars kamers verhuur en sefs gehuggies, hutte en kamers in hul agterplase aangebou om te verhuur en sodoende hul inkomste aan te vul. Dit het gelei tot ander probleme soos 'n tekort aan sanitasie en mense wat baie duur vir water moes betaal.

**Misdaad** – behalwe 'kleiner' vorme van misdadigers wat as sogenaamde tsotsis bekend was, was daar ook baie strydende bendes wat die Amerikaanse bendefliks van die 1950s nageboots het. Bendes was betrokke in bende-oorloë, diefstal en moord. As gevolg hiervan het Sophiatown bekend geword as die Chicago van Suid-Afrika. (Aanvaar ook ander sosiale probleme). (6)

9.4 Lulu en haar ma het 'n moeder-dogter verhouding gehad wat tipies was van die swart families gedurende die apartheid tydperk. Mamariti was die ma en haar woord was finaal en Lulu moes haar gehoorsaam wees of haar woede trotseer. As gevolg hiervan het Lulu en haar ma oor kwessies soos onderwys gestry. Lulu het gevoel dat Bantoe-onderwys nutteloos was. Haar ma het geglo dat opvoeding belangrik was en dat Lulu in die skool moes bly ondanks die politieke situasie. Mamariti het ook ander idees gehad oor Mingus se beroep en hulle (ma en dogter) het albei hieroor gestry. Aan die einde van die drama vind ons dat beide Mamariti en Lulu saamstem dat die gedwonge verskuiwings verkeerd was. Hulle deel dieselfde pyn en seerkry en is gekant teen die sogenaamde 'G–men'. (5)

9.5 Die drama handel oor die sistematiese segregasie- en apartheidsprosesse van verpligte toewysing van grond, verpligte populasieverwydering en hervestiging – met ander woorde, gedwonge verskuiwings. Sophiatown was beskou as 'n 'swartkol', omdat dit in werklikheid 'n bedreiging was vir die Nasionale regering se beleid oor aparte ontwikkeling. Die Raad vir Hervestiging het grondeienaars opdrag gegee om hul eiendom te verkoop,

maar die inwoners het geweier om dit te doen. In Januarie 1955 het die regering die datum van uitsetting aangekondig. Dit het die mense kwaad gemaak en hulle het weerstand hierteen getoon. Die regering se slopingspanne en vragmotors het vier dae vroeër daar aangekom. Dit was skoktaktiek, omdat die regering geweet dat die mense weerstand sou toon en nie sou wegtrek nie. Sodra mense gehoor het van die sloping, het hulle hul meubels en ander besittings na die skole en gemeenskapsale geneem. Sonder waarskuwing het gewapende polisie en die weermag in Sophiatown beweeg en die mense uit hul huise uit gedwing. Baie mense het nie die geleentheid gehad om hul besittings op te pak nie of hul vriende en bure te groet nie. Dit het vyf jaar geneem om die proses van gedwonge verskuiwings te voltooi. Teen hierdie tyd het Sophiatown gelyk asof dit deur 'n oorlog verwoes is. Die drama belig die pynlike periode in Suid-Afrikaanse geskiedenis en wys hoe die gedwonge verskuiwings die gemeenskap uiteen geskeur.
(Gebruik diskresie met die nasien van hierdie vraag) (8)

| **Vraag 9.5 Punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 6-8 | Baie goed | Kandidaat verstaan die tema van gedwonge verskuiwings goed en die antwoord is duidelik en direk. Redes verbind met die uittreksel, maar strek verby dit en sluit die hele teks in. Kandidaat maak ook gebruik van eie kennis. |
| 3-5 | Gemiddeld | Kandidaat verstaan die tema van gedwonge verskuiwings, maar steun slegs op die uittreksel en prente vir inligting. Antwoord vir 3 punte is simplisties, waar gedeeltes bloot aangehaal word uit die uittreksel of die prente wat net beskryf word. |
| 0-2 | Swak | Kandidaat maak veralgemeende stellings met vae verwysings na die vraag. Maak sommige verwysings na gedwonge verskuiwings, maar gee nie spesifieke voorbeelde nie. |

9.6 Subjektiwe antwoord word hier verwys. Kandidate mag JA of NEE antwoord, maar moet die antwoord motiveer. (5)

| **Vraag 9.6 Punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 5 | Baie goed | Kandidaat gee voorbeelde van die relevansie van die drama vir teenwoordige SA. Bespreek ten minste twee van: agenda, inhoud, tema en karakter. Redes verbind met die uittreksel, maar strek verby dit en sluit die hele teks in. Kandidaat maak gebruik van eie kennis. |
| 3-4 | Gemiddeld | Kandidaat mag saamstem of verskil met relevansie, en gee sommige voorbeelde om te motiveer, bespreek ten minste een van: agenda, inhoud, tema en karakter. Redes wat gegee word verbind met die uittreksel, kan verbind aan die hele teks. |
| 0-2 | Swak | Kandidaat maak veralgemeende stellings met vae verwysings na die vraag. Maak net 'n paar opmerkings. |

**[30]**

| **Moeilikheidsgraad** | **Persentasie** | **Punte** | **Vrae** |
|---|---|---|---|
| Hoër orde | 30 | 10 | 9.4 (3 punte), 9.5 (5 punte), 9.6 (2 punte) |
| Middel orde | 40 | 11 | 9.2 (2 punte), 9.3 (3 punte), 9.4 (3 marks), 9.5 (3 punte) |
| Laer orde | 30 | 9 | 9.1 (2 punte), 9.2 (2 punte), 9.3 (2 punte), 9.6 (3 punte) |

## VRAAG 10: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

| |
|---|
| Hierdie vraag is 'n keusevraag uit Afdeling C. Die volgende LUs en ASe word hierdeur getoets: LU 3: AS1, AS 2, AS 3. Totale punte: 30 |

10.1 Die kandidaat moet enige een van die volgende universele kwessies noem en bespreek (in vetgedruk):

Die drama spreek meer kwessies aan as slegs dié van die Amnestie verhore. Dit handel nie slegs oor **versoening** nie, maar ook oor universele kwessies soos **waarheid, geregtigheid** en **vergiffenis**. Die kandidaat kan ander kwessies bespreek soos **broedertwis** (ook broederskap en vertroue tussen broers/susuters) en die **verwikkeldheid van vryheid** (verwagtinge, regte, hoop en drome), **familie verhoudings** (liefdesbande tussen familielede), **waarheid** (soos deur die titel van die drama beklemtoon), ook die begrip dat ons nooit moet vergeet nie om sodoende te verhoed dat die negatiewe wat in die verlede plaasgevind het, nooit weer in die toekoms sal plaasvind nie. (3)

10.2 Die drama word gevorm rondom 'n opeenvolging van stories waarin Sipho innerlike konflik ervaar oor dit wat **van hom geneem is deur sy broer**, **Themba**. Hierdie gebeure het die broedertwis tussen hulle veroorsaak. In die klimaks van die drama, noem Sipho wat hy van Themba wil terugeis:

- Sy baadjie [Sipho voel dat hierdie insident die manier opsom waarop Themba sy ouers se toegeneentheid en aandag oorheers het, iets wat hom nie beskore was nie].
- Sy draadbus ['n uitbreiding op die tema hierbo genoem, Kani speel hierdie insident met 'n mate van humor eerder as bitterheid, kinder en familieherinneringe is van waarde vir Sipho]
- Die geleentheid om op tersiêre vlak te studeer
- Die reg om sy vader op 'n stil manier en met respek te begrawe, die openbare politisering van hierdie belangrike familie ritueel was baie negatief deur Sipho ervaar en het inbraak gemaak op sy privaatheid
- Luvuyo se respek.
- Sy vrou

Al hierdie aspekte word as herinneringe uit die verlede voorgestel en word in die klimaks van die drama deur die karakters gekonfronteer. Wanneer Sipho sy ware emosies oor homself en sy broer erken, vergewe hy vir Themba en versoen hy homself met die verlede, hede en toekoms.

Sipho het baie **verwagtinge en teleurstellings gehad in die Nuwe Suid-Afrika**. Hierdie verwagtinge vorm die basis van innerlike konflik vir Sipho. Hy het vir die eerste keer gestem op 57–jarige ouderdom. Die detail van die twee kere toe hy gestem het, het hy onthou as uitsonderlike belangrike datums en gebeure. Deur sy uitspraak van sy regte as 'n landsburger en sy sin van geregtigheid word die

gehoor gelei na die mees onlangse teleurstelling (innerlike konflik) vir Sipho – die feit dat hy nie die aanstelling as Hoof Bibliotekaris gekry het nie. Hy het sekere verwagtings van vryheid in die hede en toekoms gehad. Hy bly steeds die gewone man in die Struggle/Bevrydingstryd, die 'klein mannetjie' war nie raakgesien word in die massa nie. Hy is een van die duisende, die man in die straat. Dit lei hom na die punt van weerstand: ***'No!No more!Its payback time. The taking stops right here and now."***

(10)

| **Vraag 10.2 Punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 9-10 | uitstekend | Uitstekende begrip en identifikasie van Sipho se konflik. Die kandidaat demonstreer insig. Alle aspekte word bespreek. |
| 7-8 | goed | Kandidaat identifiseer en verstaan Sipho se konflik op 'n logiese en volledige manier. Nie alle aspekte word bespreek nie. |
| 5-6 | bevredigend | Kandidaat beskryf Sipho se konflik gedeeltelik. Die antwoord demonstreer nie insig nie, nie goed gestruktureer nie. |
| 3-4 | elementer | Baie basiese aspekte van Sipho se konflik word bespreek. Daar is sommige ooglopende weglatings. Geen logiese bespreking nie. |
| 0-2 | swak | Die kandidaat bespreek baie min (2) of geen aspekte (0) van Sipho se konflik nie. Antwoord is onduidelik. Vraag verkeerd verstaan. |

10.3

| **Kriteria vir Vergelyking** | **Thando Makaya** | **Mandisa Mackay** |
|---|---|---|
| **Begrip van kultuur** | | |
| 1. Respek vir die dood, begrafnis en roupraktyke | 1. kom die toepaslike gebruike vir die dood na,vir haarself, as deel van die gemeenskap, nie net omdat haar pa dit verwag nie | 1. die begrafnis is bloot 'seremonieel'<br>- "My father died two weeks ago. I've done all the mourning" |
| 2. verstaan die sisteem verwantskap (stam- en bloedverwantskap) | 2. sy en Mandisa is 'susters' | 2. Engelse begrip dat hulle niggies is |
| 3. Sensitiwiteit teenoor konnotasies van taal in SA politiek | 3. "student uprisings" | 3. "riots" |

| | | |
|---|---|---|
| 4. In reaksie teenoor Sipho wat die biblioteek wil vernietig | 4. neem dit ernstig op, keur dit nie goed nie, wil dit verhoed deur in te lig | 4. lag, " Great" |
| **In verhouding met vaderfiguur** | • respekteer sy tradisionele outoriteit<br>• stel hom tevre/gee toe aan hom<br>• deur die handeling maak sy die keuse dat sy toegelaat moet word om haar behoeftes te laat geld.<br>• beweeg van "he won't allow me to go" na<br>• "blessing and permission" om na Johannesburg te gaan<br>• maak die besluit om te gaan, met of sonder toestemming | • meer onfahanklik<br>• geniet haar pa, romantiseer die township, en erken dat "he was a wonderful man"<br>• Haar pa is 'n heroïse figuur vir haar – sy het die volharding om uit te vind wat die waarheid is in hierdie verband |
| **Die Amnestie verhore – reaksies hierteenoor** | • toegewyd aan die WVK proses en struktuur<br>• glo in die beginsels van amnestie en wat dit bereik<br>• 'insider' status met betrekking tot hierdie kwessie | • onverwagte emosionele reaksie<br>• bevraagteken die idée van amnestie<br>• buitestaander status "from overseas" |

(12)

| **Vraag 10.3 Punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 10-12 | uitstekend | Die kandidaat identifiseer en bespreek die verskille tussen die twee niggies en motiveer deur gebruik van voorbeelde uit die drama. |
| 7-9 | bevredigend | Die kandidaat identifiseer en bespreek sommige verskille tussen die twee niggies en motiveer deur gebruik van sommige voorbeelde uit die drama . |
| 4-6 | elementêr | Die kandidaat identifiseer 'n paar verskille tussen die twee niggies, maar bespreek dit nie. Gebruik net 'n paar voorbeelde uit die drama. |
| 0-3 | swak | Die antwoord kort inligting. Die vraag is nie verstaan nie. Die antwoord is nie logies nie en maak nie sin nie. |

10.4.1 Prosceniumboog verhoog (1)

10.4.2 Die stel word ontwerp volgens **Realistiese konvensies**. Die kandidaat moet die volgende aandui volgens die teksaanwysings.
Die huis moet gekonstrueer word volgens die vereistes en spesifikasies van ‘n boksstel.
Dit is ‘n vier-slaapkaner huis, twee kamers as leefarea [kombuis en sitkamer] en twee slaapkamers. Alles waaraan die akteurs raak en hanteer moet realisties wees, gekoop van tweedehandse winkels en meubelwinkels. Dit volg die ‘spieël op die werklikheid’ aanbieding, selfs tot so ‘n mate dat die vloer- en meubelposisies ‘n rekonstruksie moet wees van die werklikheid. Buite die huis kan ‘n windverwaaide landskap uitgebeeld word wat die atmosfeer van die township buite voorstel, met die kenmerkende vullis en sand.

Die huis is voorstellend van die standaardplan en konstruksiemetodes van lae inkomste behuising (die ontwikkelings van Apartheid). Die lewens van die inwoners, Sipho en Thando, bepaal die huis se interieur (meubels,ens). Sipho is toegewy aan sy werk en sy belangstelling om sy eie lewe te verbeter. Daar sou dalk ‘n elektriese stoof in die huis wees in plaas van ‘n koolstoof. Dit kan ‘n drie-plaat stoof wees wat gekoppel is aan ‘n eenvoudige drie-punt prop – hierdie detail moet absoluut oorspronklik en eg wees.

Die lewens van die karakters, word in die huis se interieur weerspieël. Die huis is vol boeke en lêers – soos Mandisa verwag van haar pa se beskrywing. Dit maak die binnekant uniek – dit spreek van Sipho se oorblywende passie en Thando se beroep. Die boeke wys op Sipho se trots in Afrika literatuur. – hy werk nie net by die biblioteek nie, mar het ‘n persoonlike toewyding aan die waarde van lees en ‘n opvoeding. Mandela se *Long Walk to Freedom* is op die koffietafel. Dit kan as ‘n rekwisiet gebruik word om die tema van die “ordinary little man” te versterk.

Mandisa verwag om baie foto’s te sien wat spreek van haar wortels en familiegeskiedenis. Op die ou buffet is foto’s van Thando [by die skool, universiteit, met haar eerste motor], familie, niggies, neefs, ens. Daar is geen foto’s van Themba nie. Hierdie detail is belangrik tot die genre, maar ook sentraal tot die handeling van die drama. (4)

| Vraag 10.4.2 Punte | | Beskrywer |
|---|---|---|
| 4 | uitstekend | Kandidaat bespreek die stelontwerp in detail en toon ‘n duidelike begrip van hoe die persoonlikhede en beroepe die stelontwerp beïnvloed. |
| 2-3 | gemiddeld | Kandidaat bespreek nie al die aspekte van die vraag nie. Hy/sy fokus of op die stelontwerp of slegs op die persoonlikhede van die karakters. |
| 0-1 | swak | Kandidaat verstaan nie die vraag nie. Antwoord is vaag en onlogies. |

**[30]**

| Moeilikheidsgraad | Persentasie | Punte | Vrae |
|---|---|---|---|
| Hoër orde | 30 | 10 | 10.2 (10 punte) |
| Middel orde | 40 | 12 | 10.3 (12 punte) |
| Laer orde | 30 | 8 | 10.1 (3 punte), 10.4 (5 punte) |

## VRAAG11: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

| |
|---|
| Hierdie vraag is 'n keusevraag uit Afdeling C. Die volgende LUs en ASe word hierdeur getoets: LU 3: AS1, AS 2, AS 3. Totale punte: 30 |

11. 1 Die Xhosa woorde word gebruik omdat Thami vir sy vrou sou skryf in hul eie taal. Dit toon ook aan hoe Johan probeer om die skeiding tussen hulle te oorbrug deur Thami se taal aan te leer en te gebruik. Dit ondersteun die gedagte dat Johan 'n toekoms met Thami deel. (3)

11.2 Die herhaling maak die gehoor daarvan bewus dat Thami kwater en meer gefrustreerd word; dit dra by tot die spanning van die oomblik, omdat die gehoor verwag dat Thami aggressief mag word om sy private brief terug te kry. Dit dui ook op Johan se onsensitiwiteit teenoor Thami se gevoelens op daardie oomblik. (3)

11.3 Later in die drama leer die gehoor dat Johan 'n onskuldige man vermoor het wat sy vinger na hom gewys het. Dit was donker, Johan was bang en het gedink die man het 'n vuurwapen. Hy dra nie net alleen die skuld van hierdie gebeurtenis nie, maar dit was ook die oorsaak van sy verwerping, selfs deur sy eie soort. Deur sy vinger te wys, maak Thami moeilike en onverwerkte gevoelens los by Johan. Die feit dat Thami om verskoning vra, terwyl hy besig is om sy eie woede oor die brief te verwerk, vertel aan ons dat hy weet waarom Johan so optree. Dit gee iets belangriks weer aan die gehoor oor hul verhouding. Daar is 'n implikasie dat hulle intieme detail met mekaar gedeel het. (4)

11.4 Johan will 'n konsessie op die rivier koop en dan delf vir diamante totdat hulle genoeg geld het om 'n plaas te koop en te deel. Johan dink dat Thami dieselfde voel, maar uiteindelik kom dit aan die lig dat Thami onwettige diamante gekoop het om vir sy en sy familie te voorsien. Thami sluit nie vir Johan in nie in sy toekomstige planne. (6)

| **Vraag 11.4 Punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 5-6 | Goed | Kandidaat bespreek albei karakters se agendas in detail en bespreek hul verskillende ideale. |
| 3-4 | Gemiddeld | Kandidaat bespreek albei karakters, maar het 'n beter begrip van Johan se motivering omdat dit meer gereeld in die drama genoem word. |
| 0-2 | Swak | Kandidaat neem aan dat Thami en Johan dieselfde agenda het en stel dit baie eenvoudig. Gebruik die woorde van die vraag om die antwoord te skryf. |

11.5 Johan glo dat hulle vriende is en dat hy die reg het om Thami te terg. Johan sien nie die neem van die brief as ‘n inbraak op Thami se privaatheid nie. Johan hoop om die herinnering en die skuld van sy daad op te klaar en ‘n gelukkiger toekoms te verseker, deur vriende te maak met Thami. Johan se lees van die brief kan daarop dui dat hy aanneem dat daar ‘n mate van intimiteit tussen hulle is – iets wat Thami nie waardeer nie. Thami se toon van waarskuwing teenoor Johan impliseer dat daar ‘n beperking is tot waar hy Johan sal toelaat. Dit is iets wat deurgaans in die drama plaasvind, alhoewel Thami meestal bereid is om Johan se optrede te duld. Daar is 'n punt van moraliteit en rede waar Thami halt sal roep. Dit word veral duidelik in die klimaks van die drama, wanneer Thami Johan moet weerhou van moord. (4)

| **Vraag 11.5 Punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 4 | uitstekend | Kandidaat beantwoord die vraag direk en op ‘n duidelike manier. Bespreek beide karakters in detail, gebruik analise van die uittreksel. Gee konteks van beide karakters. |
| 2-3 | gemiddeld | Kandidaat kan die vraag beantwoord oor beide karakters. Gebruik analise van die uittreksel. |
| 0-1 | swak | Kandidaat maak veralgemenings, maak nie duidelike verbinding met enige karakter nie, maar maak ‘n stelling of twee oor die karakters. |

11.6 Om die rol van Thami te vertolk, moet die akteur gebruik maak van die ‘emosionele geheue’. Die akteur dink terug aan ‘n tyd toe sy/haar privaatheid aangetas was en hoe kwaad en gefrustreerd hy/sy gevoel het. Gebruik hierdie gevoel in die opvoering van die toneel. Of die ‘magic if’ waar die akteur nie dieselfde gevoel gevoel het nie, maar verbeel dan hoe dit moet voel deur te sê, ‘Wat as ek so behandel was? Wat sou ek doen?’ (4)

11.7 Kandidaat moet sy/haar kennis van die drama en SA geskiedenis gebruik om die onderwerp te bespreek. (6)

| **Vraag 11.7 Punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 5-6 | Baie goed | Kandidaat gee voorbeelde waarom die drama nie tydens die Apartheid era geskryf kon word nie deur die inhoud, temas en karakter te gebruik. Redes kan verbind word met die uittreksel, maar antwoorde brei uit na die hele teks, kandidaat gebruik ook eie kennis. |

| | | |
|---|---|---|
| 3-4 | Gemiddeld | Kandidaat gee sommige voorbeelde waarom die drama nie tydens die Apartheid era geskryf kon word nie. Gebruik ten minste een van: inhoud, temas en karakter. Redes gegee verbind met die uittreksel, maar kan uitbrei na die hele teks. |
| 0-2 | Swak | Kandidaat maak veralgemeende stelling met vae verwysing na die vraag. Kan verwys na die verskilende rasse van die karakters en noem dat hulle nie in die verlede saam sou kon speel op dieselfde verhoog nie. Gee net 'n paar stellings. |

**[30]**

| **Moeilikheidsgraad** | **Persentasie** | **Punte** | **Vrae** |
|---|---|---|---|
| Hoër orde | 30 | 8 | 12.3 (4 punte), 12.5 (4 punte) |
| Middel orde | 40 | 13 | 12.2 (3 punte), 12.6 (4 punte), 12.7 (6 punte) |
| Laer orde | 30 | 9 | 12.1 (3 punte), 12.4 (6 punte) |

## VRAAG 12: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR P.G. DU PLESSIS

| |
|---|
| Hierdie vraag is 'n keusevraag uit Afdeling C.<br>LU3: AS 1, AS 2, AS 3 word hier getoets. Totale punte: 30 |

12.1 Tjokkie is die katalisator van die dramatiese gebeure. Hy moet 'sien', want almal se hoop op moontlike uitkoms is op hom gevestig.
Die sien–tema (sien-motief) ontstaan hieruit.
Hy beskou dit as 'n heilige roeping, maar ook as 'n talent wat probleme gee. Mense misbruik sy talent soos hulle lekkerkry. Sy talent bring vir hom niks anders as pyn nie. Hy is 'n hulpelose slagoffer van sy talent, sy gawe om te sien. Dit word ingelei in die eksposisie wanneer **Giel** opmerk dat Tjokkie 'bedonnerd' genoeg is om te kan sien. **Ma** voel dat die sienery Tjokkie seer maak. Almal wil hê dat Tjokkie moet sien – Giel, Fé (ter wille van Tiemie) en uiteindelik **Jakes** en Giel om hulle onderskeie moeilikhede op te los. In die tweede bedryf word Tjokkie deur Jakes en Giel gedwing om te sien. Sy visioen veroorsaak dramatiese spanning en konflik. Daar is onsekerheid of Tjokkie wel alles gesien het wat hy meedeel en of hy dele daarvan 'bylieg' om Tiemie van Jakes te beskerm. Sy beneweldheid na die 'sien' suggereer dat dit wel eg was. Sy innerlike konflik oor sy gawe kom na vore. (4)

12.2 Die uitwerking van die **sosiale en ekonomiese agtergrond** op die karakters word duidelik gesien deur die probleme wat ontstaan uit die

verhoudinge tussen mense.
Volgens Tiemie is daar twee groepe mense: diegene in die Suburbs, en diegene buite die Suburbs, anderkant die spoor – die 'dandies' by Tiemie se werk. Hierdie mense weet nie wat in die suburbs aangaan nie.
Die mense in die suburbs se lewens bestaan uit 'dwarsklappe en kleintjies' en mans wat dronk by die huis aankom. In die suburbs word 'n vrou in 'n semi gestop vir die uitsluitlike doel om daar kinders te kry. In die suburbs is daar sterk klasbewustheid. Die subkultuur van die suburbs bestaan uit twee dele: dié waarin Tiemie, Ma, Giel, Tjokkie, Fé en Albertus beweeg en die onderste 'tang' wêreld van Sybil en Jakes.
Geldsug word baie sterk by **Giel** gesien. In sy geldsug steek iets van die maatskaplike strewe om beter as die mense te wees. Wanneer hy verwys na die moontlikheid dat hy 'n groot bedrag geld kan wen, sê hy dat hy dan ver bo hulle verhewe sal kan wees.
**Tiemie** is in opstand teen haar verstikkende omgewing. Haar mense is sosiale uitgeworpenes en dit voel vir haar asof hulle nie bestaan in die denke van die gemeenskap nie. **Jakes** voel minderwaardig teenoor die 'dandies' by Tiemie se werk. Hy word deur Tjokkie uitgeskel as 'n 'tang en 'n nobody'. Hy word beskou as nie goed genoeg vir Tiemie nie ten spyte van Tiemie se ma se losse sedes. Jakes wil 'klas' kry deur met 'n meisie van stand te trou. Hy soek 'n 'klas' ma vir sy kinders. (8)

**12.3.1 Regisseur**: Spelleiding

*Insig en kreatiwiteit wat deur die teks gemotiveer word, moet erken word met die nasien van hierdie vraag. Die matriks onder die voorgestelde antwoord verskaf 'n riglyn vir die merkproses***.** *Die antwoord kan die volgende insluit:*

Om die rol van Tjokkie en Jakes te vertolk, moet die akteur gebruik maak van die **'emosionele geheue'**. Die akteur dink terug aan 'n tyd toe sy/hy dieselfde emosies as hierdie karakters gevoel het. Gebruik hierdie gevoel in die opvoering van die toneel. Of gebruik die **'magic if'** waar die akteur nie dieselfde gevoel ervaar het nie, maar verbeel dan hoe dit moet voel deur te sê, 'Wat as ek so behandel was? Wat as dit met my gebeur het? Wat sou ek doen?'

Akteurs moet die agtergrond van die drama verstaan: Dit is 'n laer-klas voorstadsmilieu waar die mense in semi's en sinkkrotte hul dae met drank, seks en weddenskappe op perde deurbring en waar geweld 'n groot rol speel.
Die spreekbeurte vind plaas tussen Tjokkie en Jakes.
Die regisseur sal eers die karaktereienskappe van die akteurs bespreek:

**Tjokkie:** die protagonis, die siener, hy is 'diep van geaardheid'. Hy het hoë morele standaarde. In hierdie toneel werk hy aan 'n ou motor in die

agterplaas. Tjokkie verraai geen vrees wanneer Jakes hom konfronteer nie, maar wys net sy minagting vir Jakes.

**Jakes:** die antagonis in die drama, die 'operator' met 'n siniese lewenshouding. Hy martel Tjokkie in hierdie toneel en dwing hom met geweld op 'n genadelose manier om te 'sien'. Jakes is in hierdie toneel baie intimiderend en beveel selfs vir Giel om te maak soos hy sê. Jakes vererg hom vir Tjokkie en waarsku dat hy nie lelike goed van himself wil hoor nie.
Die regisseur sal seker maak dat die akteurs goed verstaan wat hul doel, houding, bydrae en status tot mekaar is in hierdie toneel:
Die marteltoneel is skouspelagtig. Tjokkie word opgehys en gemartel. Eers wanneer Jakes die domkrag oopdraai en die motor op Tjokkie laat sak, besef Tjokkie wat hy beplan. Hoewel hy seerkry, pleit hy nie om genade nie. Hy waarsku Jakes, 'maak my vrek, ek sal nie sien nie'.
Dit is ook belangrik dat die konflik reg hanteer word deur die akteurs wanneer Tjokkie minagtend vir Jakes 'n tang noem en 'te low class' vir Tiemie. Die akteurs moet ook die fisiese geweld kan voorstel wanneer die domkrag afgedraai word en die motor laat sak word op Tjokkie. Jakes en Giel kry Tjokkie met die block-'n-tackle agter die kraag van sy oorpak beet en hys hom soos 'n masjien uit die motor uit. Hierdie toneel bou op tot 'n klimaks wanneer Tjokkie uit die motor uitgetrek word. Daar is ook baie dramatiese spanning in hierdie toneel wat bewerkstellig word deur die fisiese gevaar waarin Jakes vir Tjokkie plaas. Giel sal aarselend voorkom, wat die spanning verhoog – hulle weet nie wanneer ma gaan uitkom en hul onverhoeds betrap nie. Die regisseur moet die akteurs lei om hierdie klimaks te bereik deur stem-en liggaamskarakterisering. (10)

| **Vraag 12.3.1 Punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 9-10 | Uitstekend | Antwoord is gefokus en goed gestruktureerd, toon insig in die proses om die akteurs te lei. Alle moontlikhede is bespreek. Kandidaat toon kreatiwiteit. Uitstekende visualisering, gemotiveer deur die teks. |
| 7-8 | Goed | Kandidaat gee alle moontlikhede weer, vraag toon 'n mate van kreatiwiteit en insig. Kandidaat kan die toneel voldoende visualiseer. |
| 5-6 | Bevredigend | Kandidaat gee moontlihede weer, maar daar kort inligting in die antwoord. Die belangrikste aspekte word wel bespreek, maar die antwoord kort diepte. |
| 3-4 | Elementêr | Die basiese moontlikhede word bespreek, maar kernidees kom kort. Die kandidaat toon 'n gebrek aan visualisering en kreatiwiteit. |
| 0-2 | Swak | Min of geen poging om die vraag te beantwoord. |

| | | |
|---|---|---|
| | | Kandidaat verstaan nie die vraag nie. |

**12.3.2 Stelontwerper en rekwisiete**: *Die kandidaat kan kreatiwe en gemotiveerde voorbeelde gebruik, maar die Buick, die domkrag en die katrol moet genoem word.*

Die inkleding is volgensie realistiese teaterkonvensies. Die stel moet lewensgetrou wees. Die ruimte is die agterplaas van ‘n vervalle, armoedige armblanke voorstad, een van die suidelike voorstede van Johannesburg waar Tjokkie onder ‘n motor (1948 – Buick) lê en werk. Daar is ‘n agterdeur met ‘n stoepie onder die dak. Die kombuisvenster is sigbaar. Daar is ‘n hoenderhok teen die muur.
Verhoog links: agter tot middelvoor is die enkelgarage met verweerde houtdeure. Die garagedeur is oop. Daar is ‘n 1948 – Buick sonder wiele, opgedomkrag met ‘n nuwe hidrouliese domkrag wat na die gehoor wys. Aan die balk net agter die deur hang die katrol waarmee die enjin vroeër uitgelig is. Daar hang wasgoed aan ‘n wasgoeddraad – onderklere, ‘n denimbroek, ens. Op die garage se plat gewel is die woorde geskryf: DO NOT PARK IN FRONT OF THIS GATE en later bygevoeg AT YOUR OWN RISK. Voor teen die muur is ‘n oliedeurweekte werkbank met ‘n oliedrom daaronder. Die enjin van die Buick is op die werkbank uitmekaargehaal. (6)

| **Vraag 12.3.2 Punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 5-6 | Uitstekend | Die kandidaat bespreek die stel en rekwisiete volledig en korrek volgens die teks. |
| 3-4 | Gemiddeld | Die kandidaat het ‘n beperkte begrip van die stelvereistes. Al die aspekte word nie bespreek nie. |
| 0-2 | Swak | Die kandidaat het baie min of geen kennis van die stel en rekwisiete nie. Die kandidaat verstaan nie die vraag nie. |

12.3.3 **Beligtingontwerper:** die toneel speel af op ‘n laat Vrydagaand. Vroeër moes Albertus vir Tjokkie die ‘leadlight’ aansit. Dit is dus reeds sterk skemer of donker. Die beligting moet van so ‘n aard wees dat dit duidelik is dat dit skemer is, en die ‘leadlight’ wat Albertus aangeskakel het, moet sigbaar wees. Die stoeplig is ook aangeskakel. Alhoewel dit skemer is moet die akteurs sigbaar vir die gehoor wees. (2)

**[30]**

| **Moeilkheidsgraad** | **Persentasie** | **Punte** | **Vrae** |
|---|---|---|---|
| Hoër orde | 30 | 10 | 12.3.1 (10 punte) |
| Middel orde | 40 | 12 | 12.1 (4 punte), 12.2 (8 punte) |
| Lae orde | 30 | 8 | 12.3.2 (6 punte), 12.3.3 (2 punte) |

## VRAAG 13: *MIS* DEUR REZA DE WET

| |
|---|
| Hierdie vraag is 'n keusevraag uit Afdeling C.<br>LU 3: AS1, AS 2, AS 3 word hier getoets. Totale punte: 30 |

13.1 Miem vertel hoe hulle hul plaas verloor het gedurende die Depressiejare toe die Afrikaner groot armoede beleef het. Hulle moet nou 'n sukkelbestaan op die kleinhoewe voer. Miem en Meisie werk goiingsakke aanmekaar wat hulle vol mis maak en dan aan boere verkoop. (2)

13.2 Enige vyf aspekte van die volgende:
Die drama speel af teen die agtergrond van die **Groot Depressie** (1929-1933). Op 'Swart Donderdag', 25 Oktober 1929, het die New Yorkse aandelebeurs in Wallstraat in duie gestort. Die ekonomiese ineenstorting het dwarsoor die wêreld weerklank gevind en dit was die begin van die Groot Depressie.
Toe die Depressie in 1929 werklikheid word, het die pryse van landbouprodukte in duie gestort. Baie boere het in die verlede, toe dit goed gegaan het, hul plase oorgekapitaliseer. Groot verbande is op plase uitgeneem. Toe die pryse van produkte in die Depressie in duie stort, is die landboubedryf die swaarste getref. Wol, wat een van die land se grootste uitvoerprodukte was, het feitlik waardeloos geword. Ander landbouprodukte het gevolg.

SA is ook deur een van die **grootste droogtes** geteister. Boere het **bankrot** gespeel toe banke die verbande begin opeis het. Die boere het geen heenkome gehad nie en het **na die stede begin trek** op soek na werk, maar daar was nie werk nie. Die industrieë is net so swaar getref. Die **werkloosheidsyfer** het die hoogte in geskiet. Mense het na myne begin trek in die hoop om werk te kry. Die meeste van hulle moes ondergronds werk wat weer **gesondheidsrisiko's** ingehou het. Die **'armblankevraagstuk'** het begin.

Dit is teen hierdie agtergrond wat ons na *Mis* kyk. Tyd speel 'n uiters belangrike rol in die drama. Ons sien dat dit in die Depressiejare afspeel toe die Afrikaner groot armoede beleef het. In *Mis* hoor ons dat Miem vertel hoe hulle **hul plaas verloor het** en nou 'n sukkelbestaan op die kleinhoewe moet voer. Sy en Meisie werk goiingsakke aanmekaar wat hulle vol mis maak en dan aan die boere verkoop. Dit is as gevolg van die armoede van die Depressie dat Gabriël in die solder sit. Dis is sy manier van bevryding/ontvlugting. (5)

| **Vraag 13.2 punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 4-5 | Uitstekend | Die kandidaat het 'n uitstekende begrip van die sosiale en ekonomiese agtergrond van die karakters. Die antwoord is logies en duidelik. Die kandidaat maak gebruik van toepaslike voorbeelde uit die teks om die antwoord te motiveer |
| 2-3 | Gemiddeld | Die kandidaat het 'n goeie begrip van die sosiale en ekonomiese agtergrond van die karakters. Vir 2 punte is die antwoord baie eenvoudig en simplisties met min toepaslike inligting en voorbeelde uit die teks. |
| 0-1 | Swak | Die kandidaat maak veralgemeende stellings. Daar word op 'n vae manier na die vraag verwys. Daar is geen spesifiek voorbeelde nie. |

13.3.1 Prosceniumboog verhoog (1)

13.3.2 In die beskrywing van die stel, moet die kandidaat die detail van die realistiese inkleding aandui.

Die ruimte stel die kombuis van 'n uiters armoedige huisie voor. Dit is duidelik dat dit in vroeër jare afspeel: kleredrag, meubels, koolstoof, ens, dui daarop. Die huisie is van sink gebou.

Daar is **deure** wat na ander dele lei,

- die gangdeur, heel voor links wat na die res van die huis lei soos die slaapkamers wat dikwels ter sprake kom.
- die agterdeur (gaasdeur) agter regs wat na buite lei
- die valdeur in die plafon waar die ou man al jare lank woon.

Daar is 'n venster middel regs. Onder die venster is 'n wastafeltjie met 'n brandende olielamp. Onder die tafel is 'n kom en beker, vloerlappe en 'n slopemmer.

Daar is 'n koolstoof, agter middel links met 'n klein bankie daarvoor. Links van die agterdeur, teen die agterste muur, staan 'n riempiesbank.

Middel, effens links, staan 'n tafel met oliekleedjie en vier stoele. 'n Olielamp hang net bokant die tafel. Op die tafel is 'n rol going. Agter links in die hoek staan 'n kombuiskas. Regs, heel voor lê 'n hoop going.

Op die vloer lê 'n uitgetrapte linoleum tapyt. Voor die venster hang verblekte gordyne. Aan die haak teen die agterdeur hang 'n manshoed. (4)

| **Vraag 13.3.2 Punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 4 | Uitstekend | Die kandidaat bespreek die stel en rekwisiete volledig en korrek volgens die teks se aanduiding. |
| 2-3 | Gemiddeld | Die kandidaat het 'n beperkte begrip van die stelvereistes. Al die aspekte word nie bespreek nie. |
| 0-1 | Swak | Die kandidaat het baie min of geen kennis van die stel en rekwisiete. Die kandidaat verstaan nie die vraag nie. |

13.4 Hieronder volg 'n uitgebreide bespreking van Miem se karaktereienskappe en rol in die drama. Die kandidaat kan enige van die volgende noem: Miem is vet, middeljarig met 'n vlegsel bo-oor haar kop. Sy is 'n diabeet en het water op die knieë. Sy bly egter lojaal aan haar man, Gabriël wat sy al vir sewe jaar versorg en wat hom tot die solder onttrek het.

Sy skep die indruk van 'n sterk vrou, boos en dominerend. Sy manipuleer vir Meisie op 'n subtiele manier; sy sal weer siek word en sy verwyt haar ook dat sy nooit weer dieselfde was nadat Meisie die vorige keer so "ongehoorsaam" was om uit te glip nie.

Haar gebrek aan selfinsig kos haar haar dogter, want sy vertel van die ander twee meisies wat weg is. Die een se pa was so dominerend en die ander een se ma was vol iepekonders. Intussen is sy aan albei hierdie aanklagte skuldig, maar sy besef nie dat sy daardeur ook haar dogter versmoor nie.

Een van Miem se belangrikste karaktertrekke is haar besondere engheid. Sy is uiters konserwatief (seksueel en geestelik) en glo op 'n naïewe wyse dat 'n moordenaar elke jaar terugkom om 'n meisie te vermoor.

Sy is ook 'n tipiese gasvrye Afrikanervrou en beleefd teenoor haar gaste, Gertie en Konstabel.

As ons kyk na dinge wat sy vir Gertie sê, kan ons aflei dat sy baie reguit is. As Gertie liggaamsoefening wil doen om warm te word, sit sy haar gou-gou op haar plek met 'n:
"Ag nee wat, Gertie, daar is 'n tyd en plek vir alles."

Ten spyte van haar sodanige konserwatiwiteit, beskik sy oor 'n valse moraliteit. Sy gee voor om iets te wees wat sy nie is nie. Sy probeer Meisie aan die Konstabel verkoop deur te vertel hoe breed haar heupe is

Hierdie skynheiligheid van Calvinisme kom ook na vore in haar uitvraery oor die gedrogte by die sirkus. Sy wil kamma niks van die sirkus weet nie, maar vra tog gretig uit daaroor.

Haar neurotiese vrees vir die "bose onheil" wat hulle gaan tref, staan lynreg teenoor haar sterk persoonlikheid.

Boonop sit Miem – wat dan nou so kuis is – met seksuele frustrasies. Sy erken openlik aan Konstabel, wat tog 'n wildvreemde man is, dat daar "gevoelens" by haar aangewakker word deur die nagtelike teenwoordigheid van 'n man in die huis. Haar man sit immers al hoe lank op die solder en al is sy so konserwatief, bly sy mens.

**Miem se rol binne die drama:**
Miem kom oor as die matriarg van die gesin (in die afwesigheid van die patriarg). Met haar streng konvensies domineer sy vir Meisie – en in 'n mate ook vir Gertie as sy haar berispe omdat sy by die sirkus was.

Sy verteenwoordig die streng Calvinisme en sosiale sisteem van 'n gedeelte van die Afrikanergemeenskap. Sy funksioneer as heksebesweerder teen die bose. Sy is 'n ironiese figuur. 'n Mens sien haar aanvanklik as die beskermer van haar dogter, maar eintlik is sy uiters boos. Sy is figuurlik gesproke blind. Hier kan ons let op haar bysiendheid (kan nie die garing deur die naald se oog kry nie). Haar blindheid lei tot die onderdrukking van Meisie. (10)

| **Vraag 13.4 Punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 9-10 | Uitstekend | Antwoord is gefokus, ken en verstaan alle kenmerke van Miem se karakter en haar rol in die drama. Antwoord is goed gestruktureerd. Alle aspekte is bespreek, toon insig en kreatiwiteit, gemotiveer deur voorbeelde uit die teks. |
| 7-8 | Goed | Kandidaat noem baie van Miem se karaktereienskappe en haar rol in die drama. Antwoord toon 'n mate van kreatiwiteit en insig. Kandidaat toon goeie begrip, voorbeelde uit die teks om te motiveer. |
| 5-6 | Bevredigend | Kandidaat bespreek die basiese eienskappe van Miem en haar rol in die drama, maar daar kort inligting in die antwoord. Die belangrikste aspekte word wel bespreek, maar die antwoord kort diepte. Min voorbeelde uit die teks. |
| 3-4 | Elementêr | Die basiese karaktereienskappe van Miem of haar rol in die drama word bespreek, maar kernidees kom kort. Die kandidaat toon 'n gebrek aan visualisering en kreatiwiteit. |
| 0-2 | Swak | Min of geen poging om die vraag te beantwoord. Kandidaat verstaan nie die vraag nie. |

13.5 Kandidaat moet JA antwoord.

**Twee magte** wat deurentyd teen mekaar te staan kom is
**beswering van die bose** soos ons dit by Miem en Gertie kry en **bevryding** uit die knellende, eng omstandighede soos by Meisie.

Die karakkters verkeer in ‘n skyndood. Miem glo dat alles buite die huis boos en onveilig is. Sy en Gertie glo aan ‘n moordenaar wat gaan toeslaan. Die sirkus is vir haar deel van hierdie beswering waarteen almal beskerm moet word. Dit is vir haar ‘n teken van boosheid en towerspel; dus: dekadensie – aftakeling van die mens se gees. Gertie vlug na Miem se huis vir beskerming teen die boosheid wat gaan toeslaan. Meisie is so bang, sy vrees alle vreemde geluide. Sy weet sy mag nie na die sirkusmusiek luister nie, maar aan die einde luister sy tog – eers nadat sy dit ook probeer besweer het deur haar ore toe te druk. Hulle moet Meisie daarteen beskerm en ‘n “veilige vesting” bied. Alles is dig gegrendel en Miem sal self vir Meisie sorg.

Daar is ‘n verwysing na die feit dat hulle hul oë en ore daardie nag sal moet oophou. Die moontlikheid van ‘n bo-natuurlike element word hier genoem. Woorde soos “onheilig, ronddwaal, onaardse drang” beklemtoon die dreigende gevaar. Miem troos haar daaraan dat die dominee en ouderlinge heelnag bid. Let op hierdie Calvinistiese, naïewe geloof, wat op sigself nie verkeerd is nie, maar die vrees is allesoorheersend. Dit staan heeltemal in kontras met die gebede. Meisie word verbied om na die liggies van die sirkus te kyk – dis ‘n euwel. ‘n Mens begin vermoed dat die vrees en die sirkus dalk met mekaar verband hou.

Ons hoor Gertie is ook bang, want sy sê: “Vanaand is nie ‘n aand om alleen te wees nie.” Onheil neem toe as daar ‘n uil roep (tradisioneel teken van die dood). Meisie sê sy het ook ‘n paar nagte vantevore ‘n uil hoor roep. Gertie sê almal moet vanaand saamstaan.

Miem praat van ‘n moordenaar, verkragter wat weer op die dorp rond sluip. Haar vraag oor waar hy gaan toeslaan en wie die slagoffer gaan wees, bou spanning, want die kyker vermoed dit gaan in hierdie huis gebeur, maar wie? Die inligting oor Rienie en Sannie wat net spoorloos verdwyn het, is belangrik. Hulle was jong meisies; dus is Meisie dalk die moontlike teiken. Miem sê daar is sotte wat nie die gevaar besef nie.

(8)
**[30]**

| **Vraag 13.5 Punte** | | **Beskrywer** |
|---|---|---|
| 6-8 | Uitstekend | Die kandidaat het 'n uitstekende begrip van die stelling. Die antwoord is duidelike en die die vraag word direk beantwoord. Daar word na voorbeelde uit die teks verwys. Die kandidaat se antwoord toon insig. |
| 3-5 | Gemiddeld | Die kandidaat 'n beperkte tot goeie begrip van die stelling in die vraag. Die antwoord toon die basiese kennis, maar kort insig en kreatiwiteit. Vir 3 punte is die antwoord simplisties en basies |
| 0-2 | Swak | Die kandidaat se antwoord is 'n veralgemening, met vae verwysing na die vraag. Daar word na sommige aspekte verwys, maar sonder enige voorbeelde |

| **Moeilkheidsgraad** | **Persentasie** | **Punte** | **Vrae** |
|---|---|---|---|
| Hoër orde | 30 | 8 | 13.5 (8 punte) |
| Middel orde | 40 | 13 | 13.2 (5 punte), 13.4 (8 punte) |
| Lae orde | 30 | 9 | 13.1 (2 punte), 13.3 (5 punte), 13.4 (2 punte) |

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou